

VERLOSSING

“RED MY GOD VAN MY HEIL.”

DEUR
Prof. Dr. F. J. M. POTGIETER

INHOUDSOPGAWE

WOORD VOORAF.....	3
INLEIDING.....	4
HOOFSTUK I: WAT IN DIE EWIGHEID GESKIED HET.....	6
(A) DIE RAAD VAN GOD.	6
(a) Die Verbond van die Verlossing.	6
(b) Die Predestinasie.....	7
(B) DIE REGVERDIGMAKING.	9
HOOFSTUK II: WAT IN DIE TYD GESKIED.....	11
(A) VERVULLING VAN DIE VOORWAARDE VIR REGVERDIGMAKING.	11
(B) TOEPASSING VAN DIE HEILSWELDADE.	12
(a) Die Wedergeboorte.	12
(b) Die Roeping.	15
(c) Die Bekering.	17
(d) Die Geloof.....	21
(e) Die Regverdigmaking.	25
(f) Die Heiligmaking.....	28
HOOFSTUK III: SAMEVATTING.....	38

WOORD VOORAF.

Die werkie wat hiermee die lig sien, het as artikelreeks gedurende die tweede helfte van die jaar 1941 in *Die Kerkbode* onder die opskrif: “n Eenvoudige uiteensetting van die Heilsorde” verskyn. Die skrywer het hom ten doel gestel om in ’n vorm wat vir die deursnee-lidmaat verstaanbaar is oor die wonders van die groot verlossingsplan van God te handel.

Mag dit die HERE behaag *om* hierdie geskriffie te gebruik tot grootmaking van sy heilige Naam!

F. J. M. P.

Kweekskool, Stellenbosch.

Februarie 1953.

INLEIDING.

Namate die mens daartoe kom om hoe langer hoe meer te leef uit die Woord van God, leer hy insien hoeseer die skepping, veral die pronkstuk van die skepping, die mens, aangetas is deur die verwoestende werking van die sonde. Dit word vir hom al duideliker hoe grootliks die innerlike lewe van die mens verwring en verstoort is, en dit is vir hom oorsaak tot diepe smart om daagliks waar te neem dat die natuurlike mens nie in staat is om eers die koninkryk van God te soek nie.

En helaas, die verbasende onkunde aangaande die heilswaarhede lewer bewys daarvan dat ook die gemiddelde lidmaat van die kerk sy tyd nie ten beste bestee nie. Onteenseglik geld die volgende woorde van die profeet ook van die geestelike Israel van vandag: “’n Os ken sy besitter en ’n *esel* die krip van sy eienaar maar Israel het geen kennis nie, my volk verstaan nie” (Jes. 1:3). Weliswaar, onder die geleedere van ons volk is daar seker bykans niemand wat tot sy verstand gekom het, wat nie weet daarvan dat daar vir hom deur die geloof in Jesus Christus redding is nie. Maar as ’n mens enigsins in besonderhede sou afdaal en die vraag stel: “Sê vir my: wat verstaan u nou eintlik onder die wedergeboorte of onder die bekering?”, dan sal die oorgrote meerderheid ’n antwoord skuldig bly of ’n antwoord gee wat die toets van die Skrif nie kan deurstaan nie.

Bevreemdend is dit nie, omdat ook ons “traag geword het om te hoor” (Hebr. 5:11), soos die skrywer van die brief aan die Hebreërs omtrent sy lesers gesê het. En onmiddellik daarna sit hy sy bestraffing krag by deur woorde wat ook goedskiks op baie van ons toegepas word: “Want hoewel julle vanweë die tyd leraars behoort te wees, het julle weer nodig dat ’n mens julle die eerste beginsels van die woorde van God moet leer, en julle het weer behoefte gekry aan melk en nie aan vaste spysie nie” (Hebr. 5:12). Maar hiermee word nie beweer dat die lidmaat al die skuld dra nie. Intendeel, dit ly geen twyfel dat daar aan hierdie sake, oor die algemeen genome, nie genoeg aandag gewy word in die kerk en die prediking nie. En bowendien word daar dikwels ook nie voldoende rekening gehou met die bevatlikheid van die volk in sy breë lae nie. “As ek sien daardie man het ’n stuk geskryf”, het iemand onlangs gesê, “dan blaai ek sommer om, want dan weet ek al dis heeltemal ‘te hoog’ vir my.” Hierin was hy ongetwyfeld die vertolker van die gevoelens van ’n groot deel van ons volk.

Ook op ’n ander sy van die saak moet gelet word: selfs waar die behoefte bestaan om dieper in die heiligdom van die geopenbaarde waarheid ingewy te word, word die verkeerde weg ingeslaan. Maar alte dikwels neem mense allerlei sektariese geskrifte op wat wel uiterlik aantreklik mag voorkom, maar geen ware sielevoedsel bied nie. Op dié wyse word die rype vrugte wat die gelowige besinning in die boesem van die kerk gedurende die loop van die eeue afgewerp het, verbygegaan. Die waarheid wat ons voorouers met hul lewensbloed verdedig het, word vir die minderwaardigste werkies ingeruil.

Wat ons volk opnuut moet leer verstaan, is die onskatbare betekenis van die leiding van die Heilige Gees wat Christus aan sy kerk op aarde toegesê het. Duidelik is daardie leiding aanwysbaar in die leer (soos dit deur die vroeë kerk en kerke van die Hervorming in hul belydenisskrifte vasgelê is) en in die skriftelike nalatenskap van “uitverkore werktuie” van God soos Augustinus en Calvyn. Eeue was hiervoor nodig en nog gaan dié leiding voort, en wie meen dat hy met verontagsaming van die ganse kerklike verlede eiehandig die Skrif kan opneem en op die juiste wyse uitleg, is die prooi van eiewaan. Die waarheid is te oorweldigend om deur een mens gevat te word. Juis deur middel van die verskeidenheid van manne wat na Gods beeld geskape is en wat Hy daartoe afgesonder het, kom die waarheid tot ryker openbaring.

Met opset wys ons daarop dat God sekere mense hiervoor deur sy Gees bekwaam en roep. Dit

is voorwaar nie aan elkeen gegee om die Skrif reg uit te lê nie. Daarom skryf die apostel Petrus ook van die “dinge” wat “swaar is om te verstaan” en waarsku hy dat “die ongeleerde en onvaste mense (hulle) verdraai, net soos die ander Skrifte tot hulle eie verderf” (2 Pet. 3:16). Sodanige mense meen dat hulle na byna tweeduisend jaar die waarheid vir die eerste maal ontdek het. Nee, nooit lei die Gees langs “rewolusionêre” weg nie: in die verlengde van die waarheid waarin Hy in die verlede gevoer het, moet, met inagneming van dié leiding, voortgearbei word. Laat ons ook as volk gebruik maak van die rype besinning oor die Skrifopenbaring van gelowiges wat God daartoe begaaf het, insonderheid van die besinning wat gelewer is toe die kerk sy geestelike hoogtepunte bereik het, soos tydens die Hervorming.

Wat die betekenis, veral van die hervormer Calvyn so groot maak, is dat hy, met eerbiediging van die leer van die kerk en die uitsprake van die vaders, in ootmoed onvoorwaardelik vir die Skrif gebuig het. Êrens sê hy: “Wanneer die Here sy heilige mond sluit, laat ons ook die weg afsluit om verder te gaan in ons verstand.” En op 'n ander plek skryf hy: “Want ons wysheid moet niks anders wees nie, as om met ootmoedige leersaamheid te omhels, en wel sonder uitsondering, al wat in die Skrifte oorgelewer is.” Kom, laat ons dan ook ten opsigte van die heilsorde na Calvyn en sy geesverwante, wat deur die Gees van God met soveel waarheidsinbegiflig is, gaan om onderrig te ontvang.

Belangwekkend is dit om te merk wat Calvyn sê in die voorwoord van 'n Franse uitgawe van sy beroemde werk, *Die Institusie*, wat hy ten behoeve van sy volksgenote besorg het. Hy skryf dat, alhoewel die Heilige Skrif 'n volkome leer bevat, dit tog moeilik is om die groot lyne wat in die openbaring getrek word, na te spoor. En hy beskou dit as die plig van diegene wat meer lig van God ontvang het om die eenvoudiges in dié opsig te hulp te kom: hulle as 't ware by die hand te vat en hulle te help om die hoofsaak van wat God in sy Woord geopenbaar het, te sien. Op hartroerende wyse spreek hy in die voorwoord van die eerste uitgawe van genoemde werk oor sy volk, van wie hy so baie gesien het wat honger en dors na Christus, maar so min wat selfs 'n geringe kennis van Hom besit.

Terwyl alle ander openbaringsmiddels ten gevolge van die deurwerking van die sonde 'n onsuivere klank laat hoor, het dit God behaag om aan die mens in sy onpeilbare liefde die Skrifopenbaring as bril te skenk (soos Calvyn dit stel) om opnuut die heilswaarheid te onderskei. Met betrekking daartoe openbaar die Skrif 'n plan waarop die mens deur eie nadenke nooit sou gekom het nie, nie alleen omdat hy so beperk van uit- en insig is nie, maar ook omdat hy so diep verdorwe is. Die mens wil homself red. Hy kan sy eie onmag nie insien nie. Dit is waar van die barbaar in sy laaggesonke toestand, sowel as van die mees verligte ongelowige. Eersgenoemde wil sy eie heil uitwerk deur sy afgodiese praktyke en seremonies; laasgenoemde, in en deur Christus deelagtig word, wil onderneem, moet begin met wat in die ewigheid plaasgevind het, en dan na wat in die tyd geskied het, moet oorgaan.

Terwyl ons, terwille van die gewone lidmaat so eenvoudig en duidelik as moontlik wil wees, gee ons nou 'n oorsigtelike voorstelling van wat ons vervolgens gaan behandel.

Eers gaan ons bespreek: I. Wat in die ewigheid geskied het. Hierdie groot hoof deel ons as volg in: A. Die raad van God; (a) Die verbond van die verlossing, (b) Predestinasie. B. Regverdigmaking. Dan volg die tweede groot hoof: II. Wat in die tyd geskied het en geskied. Dit deel ons weer as volg in: A. Die vervulling van die voorwaarde vir die regverdigmaking. B. Die toepassing van die heilsweldade. En hierdie toepassing behandel ons in die volgende orde: (a) Wedergeboorte, (b) Roeping, (c) Bekering, (d) Geloof, (e) Regverdigmaking, (f) Heiligmaking.

HOOFSTUK I: WAT IN DIE EWIGHEID GESKIED HET.

(A) DIE RAAD VAN GOD.

Om die heilsorde in sy ware aard te leer ken, is dit nodig om dit as uitvloeisel van die raad van God te sien. Derhalwe moet ons ons lesers kortliks omtrent dié raad inlig.

Nooit mag daar in die Kerk van Christus eie breinspinsels voorgedra word nie, en veral nie wanneer dit gaan oor die wese of oor die raad van God nie. Daarom raadpleeg ons meteens die Heilige Skrif as die van God gegewe onfeilbare besondere openbaring. Daarin word meermale van die raad (Ps. 33:11; Jes. 46:10; Hand. 2:23; Ef. 1:11), of ook van die besluit (Ps. 2:7), of voorneme (Rom. 8:28), of welbehae (Matt. 11:26) van God gewag gemaak.

Op die vraag *wat* die Skrif ons aangaande die raad leer, blyk dat dit ewig (Ps. 33:11), onveranderlik (Jes. 46:10), vrymagtig (Ef. 1:9) en onweerstandelik (Jes. 14:27) is. Insonderheid is Ps. 33:11 ryk aan lering. Daar lees ons: “Die raad van die Here bestaan vir ewig, die gedagtes van sy **hart** van geslag tot geslag.” As ons die Statebybel naslaan, dan merk ons dat die kanttekenaars omtrent die tweede lid van hierdie versie te kenne gee dat dit ’n mensvormige uitdrukkingswyse ter verduideliking van die eerste gedeelte is. Voordat ons as mense iets doen, pleeg ons eers in ons harte oorleg daarvoor, hou ons as ’t ware met onself raad. Ook hierin is ons beeldraers van God en dit juis werp lig, en in dié geval openbaringslig, op Gods raad. Soos ons met onself te rade gaan, so hou die drie Goddelike Persone ook onderling raad met mekaar. **Maar wat** by ons feilbaar en eindig is, is by **God volkome**. Wie **kom** nie onder die indruk van die “diepte van die rykdom en die wysheid en kennis”, van die onnaspeurlikheid van die weë van dié God wat geen raadsman buite Homself nodig het, by die lees van die lofsang aan die einde van Rom. 11 nie! En wie word nie aangegryp deur die gevleuelde woorde van Jakobus, die broer van die Here, nie: “Aan God is al sy werke van ewigheid af bekend” (Hand. 15:18)! Agter al die werke van God in skepping, ordening, onderhouding en herskepping lê sy ewige raad. Hierdie raad kan dus omskrywe word as die ewige, onveranderlike, vrymagtige, onweerstandelike geheel van oorlegginge en die vooruitbepaling van God Drie-enig wat alles omspan.

(a) Die Verbond van die Verlossing.

Ook die grootse heilsplan is as herskeppingswerk van God in hierdie raad behels. Voor die grondlegging van die wêreld het God die uitverkorenes volgens sy voorbeskikking as sy kinders in Jesus Christus aangeneem, na die welbehae van sy wil (vgl. Ef. 1:4, 5). Indien ons goed sal verstaan wat daar in die ewige raad van God ten aansien van ons heil plaasgevind het, dan moet tussen die verbond van die verlossing en die predestinasie onderskei word. Van beide is ’n kort uiteensetting noodsaaklik.

In die leer en formuliere van die Ned. Geref. Kerk word daar baie gewig geheg aan die verbondsgedagte en heeltemal tereg, omdat dit so suiwer skriftuurlik is. Daar is drieërlei verbond wat God in die tyd opgerig het, nl. die werkverbond met die nie-gevallen mens, die natuurverbond met die skepping in die algemeen ten tye van Noag, en die genadeverbond met die uitverkorenes. Van laasgenoemde is die vaste, ewige grondslag in die raad van God die verbond van die verlossing. Hieronder word verstaan die verbond van die drie Persone in die Goddelike Wese, waarvolgens elkeen van die Persone sy onderskeie (van skeiding kan daar in die Goddelike Wese nooit sprake wees nie) taak ten opsigte van die verlossingswerk op Hom geneem het. As u Joh. 3:16 en Hand. 2:23 in verband met mekaar lees, sal u duidelik merk dat God, kragtens sy bepaalde raad en voorkennis, sy eniggebore Seun uit liefde as Verlosser gegee het. En terwyl al sy werke van alle ewigheid af aan Hom bekend is, het die toepassing van die verworwe heilsweldade waarvan ons lees, bv. in Gal. 5:22, ook ooreenkomstig sy raadsbesluit plaasgevind.

Uit louter genade het God die *Vader* onderneem om sy eniggebore Seun te gee om aan die voorwaardes vir die versoening wat Hy self gestel het, te voldoen, terwyl die *Seun* onderneem het om in die tyd deur sy soendood alle geregtigheid te vervul, en die *Heilige Gees* gewillig was om die heilryke gevolge daarvan op die uitverkorenes toe te pas. Dit blyk dus dat hierdie verbond van die Drie-enige God, wat gekenmerk word deur die hoogste harmonie en volmaakste samewerking, vir die heil van sondaars van grondleggende betekenis is. Laat ons derhalwe op ons hoede wees vir die sektedrywers wat die leer van die Drie-eenheid loën.

Ons wil nog net daarop wys dat die verbond van die verlossing somtyds ook die vreederaad genoem word, met beroep op Sag. 6:13, maar ten onregte; want in genoemde vers word daar nie nie gespreek van die eerste en die tweede Persone in die Goddelike Drie-eenheid wat saam raadhou nie, dog alleen van die Messias as Koning en Priester.

(b) Die Predestinasie.

Nou moet die predestinasie aan die orde gestel word; daardie leer waarteen selfs ernstige Christene somtyds besware opper, omdat hulle nie rekening hou met die leiding van Gods Gees in die Kerk van Christus, waarop ons vroeër gewys het nie. En dié leer is deur ons vaders in die belydenisskrifte opgeneem, omdat dit so deur-en-deur skriftuurlik is, soos blyk bv. uit Rom. 9.

Juis onder invloed van die man wat verklarings op byna alle Bybelboeke geskryf het, en wat uit die Skrif geleef het, ons bedoel Johannes Calvyn, het hierdie leer in die geloofsbelydenisse van die Gereformeerde Kerke sy regmatige plek gekry. Teen die ketter Bolsec het hy sy werk *Aangaande die ewige Predestinasie van God* (1552) in die lig gestuur, en in sy *Institusie* wy hy daar ook baie aandag aan. Nie alleen is dit waar wat Calvyn in Boek III, hoofstuk 21, van laasgenoemde werk skryf nie, nl. “Die predestinasie . . . durf niemand wat vir ’n vrome gehou wil word eenvoudigweg loën nie,” maar ons dink nie altyd daaraan nie dat indien ons dit miskien loën, ons ontrou is aan God, aan die kerk en aan onself. Het ons dan nie voor God en die gemeente beloop dat ons die leer van die kerk wat ons bely het, glo en deur sy genade ook daarby sal bly nie? En die predestinasie word in daardie leer baie sterk op die voorgrond gestel.

As ons *Die Drie Formuliere van Enigheid*, wat die leerstellige grondslag van ons Kerk vorm, raad-pleeg, dan sal ons vind dat met name *Die Dordtse Leerreëls* ’n hele hoofstuk aan die uitverkiesing en die verwerping wy, dat *Die Heidelbergse Kategismus* in die antwoorde op vrae 52 en 54 daarvan gewag maak, en dat *Die Nederlandse Geloofsbelydenis* in artikel 16 daaroor handel. Soos die res van dié belydenisskrif is hierdie artikel so mooi, so suiwer en met soveel warmte en gloed van oortuiging gestel, dat ons dit hier weergee: “Ons glo dat, nadat die ganse geslag van Adam deur die sonde van die eerste mens in verderf en ondergang gestort is, God Homself sodanig betoon het as wat Hy is, naamlik barmhartig en regverdig. Barmhartig: deurdat Hy uit hierdie verderf trek en verlos diegene wat Hy in sy ewige en onveranderlike raad uit louter goedertierenheid uitverkies het in Jesus Christus, onse Here, sonder om enigsins hul werke in aanmerking te neem. Regverdig: deurdat Hy die ander in hulle val en verderf laat bly waarin hulle hulself gewerp het.” Duideliker en meer skriftuurlik kon dit seker nie gestel gewees het nie.

En as iemand vra: “Maar *waarom* het God sommige uitverkies en ander in hul ellende gelaat?”, dan moet sonder aarseling gesê word dat daarop geen antwoord kan gegee word nie, omdat dit God nie behaag het om openbaringslig daaromtrent te ontsteek nie. Bowendien spreek so’n vraag van sondige selfverheffing en twyfel in die alwyse en regverdige bedoelinge van God. Met ’n wedervraag snoer Paulus die mond van hom wat in opstand teen God — want hierop kom dit neer — die woord: “Waarom?” op die lippe neem: “Maar tog, o mens, wie is jy wat teen God antwoord? Die maaksel kan tog nie vir die maker sê: Waarom het u my so gemaak nie? Of het die pottebakker nie mag oor die klei, om uit dieselfde klomp die een voorwerp te maak tot eer en die ander tot oneer nie?” (Rom. 9:20, 21). Die onbetwisbare feit is dat, indien

God *ons* nie *in sy* onpeilbare barmhartigheid en genade uitverkies het tot die ewige lewe nie (Joh. 10:28; 15:16), ook ons verlore sou gewees het. Immers, dit is “God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae” (Filip. 2:12).

Die uitverkiesing kan dus met reg die “hart van die kerk” genoem word, die hart wat nooit aangetas kan word nie, dan alleen tot ons ewige en onherstelbare ondergang.

Uit wat tot dusver gesê *is*, *is* dit duidelik dat die predestinasie die uitverkiesing sowel as die verwerping insluit; maar dit sluit ook meer in, en daarop wil ons nog die aandag vestig.

Dis nl. nie net die uitkoms wat voorverordineer is nie, maar ook die *middele* wat daartoe lei. Die voorbeskikking omvat alles: ook alles wat in verband met en om en in my geskied, selfs my selfbewuste verantwoordelike lewe. Gods alwerkzaamheid sluit my selfwerkzaamheid nie *uit* nie, maar *in*. En dit kan die geval wees omdat Hy die Almagtige is, wie se werke op ’n totaal ander peil plaasvind as dié van ons. Staan daar nie geskryf nie: “Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE. Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes” (Jes. 55:8, 9). Hy is die God wat wonders doen. En dat Hy ten aansien van ons selfwerkzaamheid wat nie deur sy albeskikking vernietig word nie, maar daardeur gedra word, inderdaad die wonder verrig, bevestig elkeen van ons se ervaring. Ons is en was verantwoordelik vir wat ons vandag gedoen het en nog doen, en ons wil dit ook wees. *Die* ganse regspleging *is* daarop gegrond, en selfs die misdadiger sou beledig voel as die regter aan hom toevoeg dat hy hom nie verantwoordelik stel vir sy dade nie.

Indien dit so is dat die mens ’n verantwoordelike wese is, dan verwring en vervals hy die waarheid wat meen dat as hy uitverkies is, hy sy lewe in die genietinge van die sonde kan deurbring en tog gered sal word; maar dat indien hy verwerp is, geen kerkgang of godsdienst hom sal red nie. So skeur hy die middele en die uitkoms uitmekaar, en dit mag nie geskied nie, want die waarheid is ’n organiese geheel: hoe sal die goeie boom slegte vrugte voortbring, of die omgekeerde? Wie uitverkies is, sal daar juis blyke van gee in hierdie lewe dat hy burger van die koninkryk van die hemele is, en wie verwerp is se lewe sal weer daarvan getuienis aflê.

Vandaar dat die Calvinisme, wat leer dat God die mens nooit soos “’n stok of ’n blok” behandel nie, maar hom as verantwoordelike skepsel “eer”, geen lydelikheid kweek soos die Mohammedanisme wat nie ’n liefdevolle Hemelse Vader ken nie, maar ’n noodlotsgod: Allah.

Die groot verskil tussen die Calvinisme en die sogenaamde fatalisme is hieruit klaarblyklik. As Calvinis glo ek nie dat my lewe bepaal word deur die fatum of die yster noodlot nie, maar staan dit vir my vas dat, omdat ek ’n verantwoordelike wese is, ek my moet bekeer. Dis wat ek as mens moet doen; nie vir my bekommer oor die vraag of ek uitverkies is of nie: verkiesing is die werk van die alwyse God. Terwyl ons gaan na die hemelpoort, sien ons as ’t ware daarop geskrywe: “. . . . laat hom wat wil die water van die lewe neem verniet”; “Kom dan tot inkeer en bekeer julle”; “Klop en vir julle sal oopgemaak word” (Openb. 22:17; Hand. 3:19; Matt. 7:7). Maar as ons eenmaal in die hemelryk is, dan lees ons aan die binnekant van die poort: “Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies”; “So hang dit dan nie af van die een wat wil of van die een wat loop nie, maar van God wat barmhartig is”; “So het God dan . . . die bekering tot die lewe geskenk”; “Ek is die weg” (Joh. 15:16(a); Rom. 9:16; Hand. 11:18(c); Joh. 14:6(b)). Die onbekeerde word dus geroep tot aksie: om te wil en te doen, en nie om hom te bekommer daarvoor of hy uitverkies is, al dan nie. Die bekeerde, egter, sal beseft dat alles genade was: dat God in hom gewerk het om te wil en te werk na sy welbehae, en hy sal hom verheug in die uitverkiesing met ’n onuitspreeklike vreugde.

Terwyl die leser vermoedelik al meermale van die stryd in die wêreld van die godgeleerdheid tussen die voorstanders van die supralapsarisme en dié van die infralapsarisme verneem het en

nie presies gewet het wat daaronder verstaan moet word nie, en terwyl die saak tans behandel behoort te word, sal ons hom met enkele volsinne daaromtrent inlig.

Wat duidelik moet wees aan die begin is dat die verskil gaan oor die orde van die besluite in Gods raad self. Die infralapsarisme handhaaf dat die besluite van verkiesing en verwerping *na* dié van skepping en sondeval gestel moet word; die supralapsarisme, daarenteen, leer dat die besluite van verkiesing en verwerping *voor* dié van skepping en sondeval gestel moet word. Die eersgenoemde standpunt poog om die besluite van God sedelik te regverdig en verwys dan ook net na tekste soos Deut. 7:7 en Joh. 15:19, wat van die verkiesing as daad van die barmhartigheid van God spreek. Laasgenoemde standpunt weer verteenwoordig 'n ruimer opvatting van die predestinasie en lê alle klem op verse soos Rom. 9:17 en Spr. 16:4, wat Gods vrymag voorop stel.

Die hoogsbegaafde godsgeleerde van Amsterdam, wyle prof. V. Hepp, wys egter daarop dat hierdie ganse stryd daaruit spruit dat die denke van God mensvormig gesien en vertolk word. In die denke van God is daar nooit 'n vroeër of later nie, en selfs bring 'n logiese ordening van die besluite van God mee dat Hy beperk word om van stap tot stap te redeneer soos die eindige mens. Nee, Hy is die Alwetende en het altyd volmaakte oorsig en insig of intuïsie. Hiervan het Adam as beeldraer van God veel meer besit as ons. Dit blyk uit sy naamgewing aan die diere, soos Kuyper opmerk; maar deur die sonde het hierdie gawe grootliks verlore gegaan, sodat die gevalle mens alles moeisam moet uitredeneer. Die denke van God is dus bokant die logiese verhewe (nie onlogies nie), en daarmee verval die ganse strydvraag van supra- en infralapsarisme.

(B) DIE REGVERDIGMAKING.

Steeds was ons besig met wat in die raad van God geskied het en afgehandel is ten aansien van die heil van die uitverkorene. En voor ons oorgaan tot die behandeling van wat *in die tyd* plaasgevind het, is dit noodsaaklik om ook nog oor die regverdigmaking te spreek. Maar aangaande die regverdigmaking kan ons nie handel alvorens ons nie vir ons rekenskap gegee het van die begrip geregtigheid, en insonderheid van die diepe betekenis wat dit in die besondere openbaring verkry het nie.

Geregtigheid word gewoonlik omskryf as die standvastige en bestendige wil van 'n redelike wese, wat aan elkeen gee wat hom toekom. In die Heilige Skrif word dit hoe langer hoe duideliker dat die geregtigheid nie teenoor nie, maar in verband met en naas die barmhartigheid en trou van God te staan kom. In Ps. 40:11 lees ons bv.: “U geregtigheid bedek ek nie binne in my hart nie; van u trou en u heil spreek ek, u goedertierenheid en u trou verberg ek nie vir die groot vergadering nie.” Ja, die geregtigheid word selfs prinsipe van heil en bevryding (Ps. 4:2; 31:2). En dit kan geskied kragtens die genadeverbond wat God met sy volk opgerig het om sy eie Naam ontwil (Gen. 17:7; Ps. 105:8 en 9; Jes. 54:10; Ps. 25:11, 31:4, 79:9, 106:8 ens.) Indien dit nie vir die vrye genade van God was, waardeur sy geregtigheid aan die kruis van Golgota op wonderlike wyse geopenbaar is nie, dan sou ons, as sondaars, van God as straf op die sonde die dood ontvang het wat ons regmatiglik toekom (Rom. 6:23). Maar omdat die Tweede Persoon in die Goddelike Drie-eenheid, Hy, die Regverdige, gewillig was om vir ons, die onregverdiges, te ly, omdat Hy bereid was om vir ons sonde gemaak te word, daarom kon ons word geregtigheid van God in Hom (1 Pet. 3:18; 2 Kor. 5:21). Nou is die weg geplavei om 'n omskrywing van regverdigmaking¹ te gee. Daaronder verstaan ons nl. die *regtelike* daad waardeur God van alle ewigheid af die uitverkorenes, kragtens die ontwyfelbare sekerheid van die soendood van Christus as Borg en Plaasbekleder, van alle skuld en straf vryspreek. Alhoewel die

¹ Die onderskeiding: aktiewe en passiewe regverdigmaking maak ons nie, omdat daar gewigtige beswaar teen die laaste bestaan.

regverdigmaking meer bepaald in verband met die Vader gestel word, is dit tog 'n werk van God Drie-enig: van die Vader gaan dit uit, deur die Seun word die voorwaarde daarvoor in die tyd vervul en die toepassing daarvan geskied deur die Heilige Gees. Maar oor wat in die tyd geskied het, handel ons later.

Die regverdigmaking *kon* in die ewigheid plaasvind, omdat dit nie die minste twyfel gely het dat die Middelaarsdood wat dit meegebring het, eenmaal in die tyd sou geskied nie. En die regverdigmaking *moes* in die ewigheid plaasgevind het, want anders kon die uitverkorenes onder die Ou Bedeling nie geregverdig gewees het nie. Juis omdat die regverdigmaking in die ewigheid geskied het, kon 'n Jeremia al roem: “DIE HERE ONS GEREGTIGHEID” (Jer. 23:6; 33:16); kon 'n Habakuk sê: “Maar die regverdige, deur die geloof sal hy lewe” (Hab. 2:4), en blyk dit uit die woorde van Christus self onteenseglik dat daar regverdiges was ook reeds onder die Ou Bedeling (Matt. 13:17).

Aanhalinge uit teologiese werke wil ons so min as moontlik maak, ten einde die eenvoud van die uiteensetting te bewaar, maar hier wil ons tog die woorde van die beroemde godgeleerde, Dr. Herman Bavinck, bybring. Treffend laat hy hom as volg uit: “Christus begint niet eerst te werken met en na zijne vleeschwording, en de Heilige Geest vangt zijn arbeid niet eerst aan met zijne uitstorting op den Pinksterdag De Zoon is terstond na den val opgetreden als de Middelaar, als de tweede en laaste Adam, die de plaats des eersten inneemt, en herstelt en volbrengt, wat hij verloor en naliet. En de Heilige Geest is terstond opgetreden als de Trooster, als de Toepasser van het heil, door den Christus te verwerven. Alle verandering, ontwikkeling, vooruitgang in inzicht en kennis valt dus aan de zijde van het scepseel. In God is er geene verandering noch schaduw van omkeering. De Vader is eeuwig Vader, en de Zoon eeuwig Middelaar, en de Heilige Geest eeuwig Trooster ... Al heeft Christus zijn werk eerst op aarde volbracht in het midden der historie en al is de Heilige Geest eerst op den Pinksterdag uitgestort, God kon de weldaden door Hen te verwerven en toe te passen, toch ook reeds ten volle uitdeelen in de dagen des Ouden Testaments. De geloovigen des Ouden Testaments zijn op geene andere wijze zalig geworden dan wij. Er is *een* geloof, *een* Middelaar, *een* weg des heils, *een* verbond der genade” (*Gereformeerde Dogmatiek*, III, pp. 195-6). Maar dan eis Gods reg ook dat die regverdigmaking hieraan vooraf sal gaan in die ewigheid, met die gewisse vervulling van wat in die tyd ten aansien daarvan moes gebeur.

Aan beide pole van die waarheid: die regverdigmaking van ewigheid af en die noodsaaklikheid en sekerheid van die Middelaarswerk in die tyd, waarsonder daar geen regverdigmaking in die ewigheid kon plaasgevind het nie, moet vasgehou word. Indien die regverdigmaking van ewigheid af, afgesien van wat in die tyd moes geskied, beklemtoon word, dan word die waarheid prysgegee ten koste van dié dwaling wat op grond van die ewige regverdigmaking die voldoening van Christus bestry, en ontken dat dit vir ons nodig is om die wet van die Here as reël van dankbaarheid te onderhou. Aan die ander kant mag ons ook nie in die dwaalleer van die ketter Arminius verseild raak, en die regverdigmaking van ewigheid af loën deur dit van ons geloof in die tyd afhanklik te stel nie. Nie dat ons nie geregverdig word uit die geloof in Christus nie; intendeel, so'n geloof in die tyd is noodsaaklik, maar dis nie die grond van die regverdigmaking nie. Die teenoorgestelde is waar, nl. dat die heilswaarhede, die geloof inbegryp, in die tyd kan toegereken en toegepas word alleen op grond van die regverdigmaking van ewigheid af.

HOOFSTUK II: WAT IN DIE TYD GESKIED.

(A) VERVULLING VAN DIE VOORWAARDE VIR REGVERDIGMAKING.

Ons het nou dié stadium bereik waarop ons, wat ons uiteensetting betref, moet oorgaan uit die ewigheid na die tyd.

Laat ons dan net weer samevattend sê dat ons gehandel het oor wat in die ewigheid met betrekking tot die raad van die verlossing en die predestinasie geskied het; en daarna het ons ons aandag gewy aan die regverdigmaking van ewigheid af.

Wat ons vir onself tans op die voorgrond moet stel, is dat alle heilsweldade in die Persoon van Christus beslote lê. Ten einde hulle ons deel te laat word, het die Woord vlees geword om sodoende sy groot Middelaarswerk uit te voer. Daarom sê die Skrif ook so treffend: “Maar deur Hom is julle in Christus Jesus wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing” (1 Kor. 1:30). Omdat Bavinck dit so duidelik stel, haal ek weer ’n paar sinne uit sy standaardwerk aan: “Het verbond der genade, de *unio mystica*, de toerekening van Christus aan zijne gemeente en van de gemeente aan Christus, welke alle wortelen in de eeuwigheid, realiseeren zich in den tijd allereerst objectief in den persoon van Christus, die voor en met zijne gemeente gekruisigd, begraven, opgewekt en verheerlijkt werd. De schenking van Christus aan de gemeente gaat dus in dezen zin aan hare aanneming van Christus door het geloof vooraf. Hoe zouden wij anders ook den Heiligen Geest, de genade der wedergeboorte, de gave des geloofs ontvangen kunnen, die immers alle door Christus verworven en zijn eigendom zijn? Het is dus niet zoo, dat wij eerst buiten Christus om ons bekeeren of ook door den Heiligen Geest worden wedergeboren en het geloof ontvangen om dan daarmede tot Christus te gaan, zijne gerechtigheid aan te nemen en alzoo door God gerechtvaardigd te worden. Maar evenals uit het welbehagen des Vaders, zoo komen nu voorts uit de volheid van Christus alle weldaden der genade ons toe.” (*Gereformeerde Dogmatiek*, III, p. 599.)

Objektief lê die heilsweldade dan in Christus gereed om deur elke lid van sy liggaam, wanneer dit God behaag om hom of haar in sy alwyse bestel in die tyd die lewe te skenk, subjektief of persoonlik toegeëien te word. Ons sal dan nou wys op wat deur die Middelaar tussen God en die mense, wat as sodanig van alle ewigheid af verordineer is, ten aansien van die heilsweldaad van die regverdigmaking in die tyd volbring is. Eers daarna kan ons let op die orde van die persoonlike toeëiening van die heilsweldade deur elke uitverkorene, wanneer ook weer uiteraard oor die regverdigmaking sal moet gehandel word.

Met betrekking tot hierdie vraagstuk, nl. dié aangaande die werk van Christus in die tyd in verband met ons regverdigmaking, bewys die gelowige besinning oor die Skrifopenbaring van die vroom voorgeslag ons weer ’n onskatbare diens. In die sewentiende Sondagsafdeling van *Die Heidelbergse Kategismus* word die vraag gestel: “Watter nut het die opstanding van Christus vir ons?” Daarop word ’n drieledige antwoord gegee, waarvan die eerste lid vir ons lig laat opgaan. Dit lui so: “Ten eerste het Hy deur sy opstanding die dood oorwin, sodat Hy ons die geregtigheid deelagtig sou kan maak wat Hy deur sy dood vir ons verwerf het.” Ons moet daar goed op let dat die *Kategismus* as middel om die geregtigheid vir ons te verwerf, nie die opstanding van Christus noem nie, maar sy dood. En dit is vanselfsprekend, want straf op die sonde is die dood, en daarom moes die Plaasbekleder in ons plek sterwe. Dit was kragtens die strafeisende geregtigheid van God onverbiddelek. En Christus het hieraan voldoen. Maar al is die offer wat Hy gebring het onbegryplik groot, sou dit alles tevergeefs gewees het as Hy in die dood gebly het. Maar nee, Hy het deur sy opstanding die dood oorwin, en daarom kan ons die geregtigheid wat Hy deur sy dood vir ons verwerf het, deelagtig word.

Dit is dan duidelik dat Christus in die tyd deur sy lydelike en dadelike gehoorsaamheid nie net

die straf van God ten volle ondergaan het nie, maar ook wat ons nagelaat het, volbring het en so die geregtigheid vir ons verwerf het. En in die opstanding het die Vader sy goddelike “voldaan” op die skuldbewys van die sonde geplaas.

Terwyl dit geskied het, kan die uitverkorenes nie net die geregtigheid nie, maar alle heilsweldade in Christus deelagtig word. Opsetlik gebruik ons die woord “uitverkorenes”, terwyl die offer van Christus ongetwyfeld genoegsaam vir almal is, maar Hy in effek of daadwerklik alleen vir die uitverkorenes gesterf het. Wie dit sou betwis, beweer uit die aard van die saak dat Christus onmagtig is om sommige vir wie Hy gesterf het, te red, en dit sou godslasterlik wees.

(B) TOEPASSING VAN DIE HEILSWELDADE.

(a) Die Wedergeboorte.

Uit wat ons tevore in verband met die verbond van die verlossing gesê het, sal die leser hom herinner dat die toepassing van die heilsweldade deur die Heilige Gees geskied. En terwyl daar orde is waar Hy is en die heilsweldade onafskeidelik met die Middelaar verbonde is en as sodanig ’n organiese geheel vorm, sal hulle ook volgens vaste orde uitgedeel en toegepas word.

Die eerste heilsweldaad wat in die tyd ten opsigte van die uitverkorene toegepas word, is ongetwyfeld die wedergeboorte. Waarom ons die wedergeboorte eerste stel, kan eers blyk na ons die betekenis wat die woord tans dra en die wese en aard van hierdie weldaad vasgestel het.

As ons die hoofwerk van ons geestelike vader, Calvin, nl. *Die Institusie*, naslaan, dan vind ons dat hy die woord wedergeboorte in ’n ruime sin besig: dit sluit vir hom in die hele vernuwing van die mens wat ook bestaan in die bekering en veral die voortgesette bekering, of wat ons vandag die heiligmaking sou noem (*Inst.* III, 3, 9). Dit is dan ook die sin waarin die woord gewoonlik gebruik is aan die begin van die Hervorming.

In een van ons belydenisskrifte, *Die Nederlandse Geloofsbelydenis*, wat ’n bietjie later opgestel is, word die woord in die artikel oor die heiligmaking in die breë betekenis gebruik (Art. 24); maar in dieselfde belydenisskrif word dit ook in ’n baie enger sin gebesig in verband met die doop, waarby daar uit die aard van die saak, in die geval van kinders, nie van die gehoor van die Woord, die bekering en die heiligmaking sprake kan wees nie (Art. 34). In hierdie enge sin kom die woord vandag in die wetenskap van die godgeleerdheid voor. In dié verband moet ons daarop let dat ’n woord nie maar sonder meer uit die Skrif in die wetenskap oorgeneem kan word nie, omdat die Skrif nie ’n handboek vir die wetenskap is nie, maar openbaring. Die mens wat na Gods beeld geskape is, het die roeping en voorreg om onder die leiding van die Gees van God vir hom hierdie geopenbaarde waarheid met sy geheiligde verstand in te dink en te orden, soos o.a. deur die opstellers van ons belydenisskrifte gedoen is. As ons bv. Matt. 19:28 (waar wedergeboorte gelyk is aan vernuwing van die heelal) en Tit. 3:5 met mekaar vergelyk, sal ons meteens besef dat wedergeboorte in die twee tekste in geheel en al verskillende betekenis voorkom.

Laat ons vervolgens aan die hand van ons kenbron, die Heilige Skrif, die wese en aard van die wedergeboorte vasstel. Dat dit ’n daad van die wondermag van God is, blyk al dadelik uit Joh. 1:13 waar ons aangaande die uitverkorenes lees dat hulle “nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van ’n man nie, maar uit God gebore is” (vgl. Joh. 15:16). “Uit God” is hulle gebore (1 Joh. 3:9), en wel deur die Heilige Gees. In sy onderrig omtrent die wedergeboorte sê die Here Jesus: “Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie. Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees” (Joh. 3:5 en 6). Ons het dus hier met ’n heilsweldaad te doen waarvan die Heilige Gees die Bewerker is. Hierdie daad geskied uit louter genade. In Tit. 3:5 lees ons: “Nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy

barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees.” En uit Eseg. 36 is dit duidelik dat die Bondsgod alleen terwille van sy heilige Naam “n nuwe hart” en “n nuwe gees” in hul binneste sal gee (vgl. ook Ef. 2:4 en 5).

Wese van die daad wat God, die Heilige Gees, uit genade werk is dat dit ’n *geboorte* is. Dit blyk onteenseglik uit die onderhawige gedeeltes van Joh. 3. Om die *aard* van die heilswelddad enigins te peil, moet ons aan hierdie gedagte vashou. Die eerste wat dan vir ons duidelik word, is dat net soos die liggaamlike ontvangenis oombliklik geskied, ook die geestelike geboorte in ’n punt van die tyd plaasvind. Daarmee is egter nog lank nie alles omtrent die aanvang van hierdie lewe gesê nie, want terwyl ons hier met ’n daad van die almag van God te doen het, sal dit ook in sy oorsprong ten diepste geheimsinnig bly (Joh. 3:8). Soos die liggaamlike geboorte noodsaaklik is vir bestaan in hierdie bestek van tyd en ruimte, so is die geboorte van bo, wat as iets geesteliks in teenstelling staan met die vleeslike wat uit die vlees gebore is (Joh. 3:6), onontbeerlik om tot geestelike lewe te kom. Hierop het die Here nadruk gelê toe hy gesê het: “Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie” (Joh. 3:3). Onvoorwaardelike eis om deel te hê aan die “geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees” waarin die koninkryk van God bestaan (Rom. 14:17), is dat dieselfde Gees die geestelike lewenskiem in die mens sal lê (vgl. ook *Heidel. Kateg.*, vraag 8).

Omdat ons hier met ’n werk van die Gees van God te doen het, is dit onweerstandelik en ondeurgrondelik in sy werking. Daarom vergelyk die Here elkeen wat uit die Gees gebore is ook met “die wind (wat) waai waar hy wil en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waarvandaan hy kom en waarnatoe hy gaan nie” (Joh. 3:8).

Terwyl ons te maak het met ’n onweerstandelike werking van die Heilige Gees laat dit ’n mens vermoed dat die persoon wat so gebore word, lydelik sal wees. Die feit al dat daar telkens in Joh. 3 gesprek word van “gebore word” bevestig reeds dié vermoede. Die skerpste vergelyking word hier getrek tussen liggaamlike en geestelike geboorte, en soos by eersgenoemde, so is ook by laasgenoemde hy wat gebore word heeltemal passief. So min as wat ’n lyk kan spreek, kan hy wat geestelik dood is uit eie beweging tot God om genade roep. Daarom leer die Skrif ook dat ons wat “dood was deur die misdade, *lewendig gemaak* (is) saam met Christus” uit genade (Ef. 2:5). Teenoor die Arminiane handhaaf ons dat hier van medewerking geen sprake is nie. Alleen op grond van sy genadeverbond en slegs terwille van sy heilige Naam, *gee die Here* sy wet in die binneste van sy kinders; *skrywe Hy* dit op hul hart; *neem Hy* die hart van klip *weg* en *gee Hy* ’n hart van vlees; *besny God* die hart “om die Here jou God lief te hê met jou hele hart en met jou hele siel, dat jy kan lewe” (Jer. 31:33, Eseg. 36:26, Deut. 30:6). Waarlik, “geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot ’n lewende hoop ...” (1 Pet. 1:3). Laat daar dan nie meer gekla word dat daar onder ons geen wonders plaasvind nie, want groter wonder as dit dat die geestelik-dode opgewek word, is daar byna nie denkbaar nie!

In volkome harmonie met die voorafgaande leer die Heilige Skrif dat die wedergeboorte aan geen bepaalde leeftyd gebonde is nie. Van ’n Jeremia lees ons: “Voordat ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; en voordat jy uit die liggaam voortgekom het, het Ek jou geheilig” (Jer. 1:5); en van ’n Johannes die Doper: “Hy sal vervul word met die Heilige Gees alreeds van die skoot van sy moeder af” (Luk. 1:15). Verder, sonder enige voorbehoud stel Christus in sy onderrig aan Nikodemus voorop dat wie ook al toegang sal verleen word in die koninkryk van God, weer gebore moet word. Ons Kerk bely dan ook die troosryke waarheid dat alle vroeggestorwe kinders van gelowiges weer gebore en derhalwe gered is.

Uit wat gesê is, volg dit dat die wedergeboorte onmiddellik² geskied. In die geval van die bondskinders wat in hul prilste jeug wederbaar word, is daar selfs nog geen bewussyn waardeur die middel sou kon werk nie. Daarom het die Gereformeerdes van alle tye gehandhaaf dat die wedergeboorte selfs *voor* die doop of *onder* die doop (ook wel *na* die doop) kan plaasvind. Die Roomse standpunt dat die dopeling onder en deur middel van die bediening van die sakrament *werktuiglik* wederbaar word, verwerp ons as Protestante uit die aard van die saak as onskriftuurlik.

Daar is veral een teksvers, nl. 1 Pet. 1:23, wat soms as bewysgrond aangevoer word dat die wedergeboorte middellik en wel deur die Skrifwoord plaasvind. Maar hier kom dit aan op die juiste verklaring van die Skrif. Kuyper wys daarop dat die uitdrukking “lewende woord” in dié vers nie slaan op die Skrif nie, maar op die ewige, skeppende Woord van God, waarvan daar bv. ook in Jes. 55:11 gespreek word. Hierdie Woord bring eers skeppend die hebbelikheid voort, berei die akker voor waarin dan die Skrif woord, wat gespreek word, kan ontkiem. Daarom word ook van Lidia, die purperverkoopster van Thiatire gesê: “Haar hart het die Here geopen om ag te gee op wat deur Paulus gesê is” (Hand. 16:14).

Ons het aangedui dat die skeppende Woord van God die wedergeboorte bewerkstellig; maar daarmee is nie gesê dat ’n nuwe skepping tot stand gebring word nie. Intendeel, die werk van die Gees van God by die wedergeboorte is van herskeppende aard. Immers, die sonde het nie die wese van die mens vernietig sodat hy nie langer mens is en daar ’n ander wese moet geskep word nie. Die mens wat God eenmaal geskep het, was goed en met die wedergeboorte word hierdie mens: siel en liggaam — en let daarop dat sy siel van die begin af geen dieresiël is nie, maar as mensesiël daarvan onderskei word deur die spesiale skeppingsformule van Gen. 2:7 — in prinsipe herskep. Nuwe skepping is daar nie wat die geheel of ’n deel aangaan nie. Hierdie laaste voeg ons opsetlik toe, omdat dit soms van die kant van die dwaalleer van die trigotomie (wat leer dat die mens uit drie dele: gees, siel en liggaam bestaan) ten onregte, met beroep op 1 Thess. 5:23, voorgestel word asof die mens met die wedergeboorte ’n nuwe komponent, t.w. die gees, bykry. Hierteenoor handhaaf ons as Gereformeerdes, op voetspoor van die duidelike uitspraak van onse Here Jesus aangaande die tweeledige bestaan van die mens (Matt. 10:28), dat die mens met die wedergeboorte nie ’n andersoortige drieledige skepsel word nie, maar in *wese* bly wat hy was.

As daar dan nog wat die geheel van die mens nog wat ’n deel van sy bestaan betref, van nuwe skepping mag gespreek word, is daar nog van ’n breuk sprake in verband met die wedergeboorte?

Ja, maar dan nie met sy lewensbestaan as sodanig nie, dog met *die verdorwe natuur*, met die sonde wat as erfsonde, of by meer gevorderde leeftyd ook as daadsondes, die lewe ontsier en verwoes. Van ’n geleidelike geestelike ontwikkeling, of ’n oppervlakkige sedelike ommekeer, soos die modernisme voorgee, is hier dus ook geen sprake nie, maar van ’n herskeppende daad van Gods Gees wat die sonde in prinsipe oorwin. Met die wedergeboorte word die mens dan in beginsel slegs *herskep* na die beeld van God: sy bewussyn, wil en gevoel, ja sy ganse persoonlikheid, word gereinig (op dié reinigende werking slaan die woord water as sinnebeeld in Joh. 3:5) en ontvang die beginsel van die geestelike lewe.

Een vraag wag nog op beantwoording: Kan die geestelike lewe wat met die wedergeboorte in

² Ten opsigte van die vraag of die wedergeboorte middellik of onmiddellik geskied, is daar meningsverskil onder Gereformeerde teoloë. Bavinck huldig eersgenoemde en Kuyper laasgenoemde standpunt. In sy *Dictaten Dogmatiek, Locus de Salute, De Vocatione*, p. 84 sê Kuyper: “Gelijk de wedergeboorte ons zijn, zo raakt de roeping ons bewustzijn.” Die wedergeboorte waardeur die Gees die lewe gee, is ’n synswonder; die roeping is ’n kenwonder wat die bewussyn (in die ruimste sin) raak en deur die Skrifwoord (wat die logiese korrelaat van die kenakte is) bewerkstellig word.

die mens gewerk word ook vir 'n tydlank verborge bly? Hier moet onderskei word tussen werkeloos en verborge wees: terwyl dié lewe nooit sonder werking in die binneste kan wees nie, mag daardie werking tog vir 'n tydlank verborge bly; maar sal dit op die van God gesette tyd met die bekering uitbot en bloei en vrugte afwerp wat daarby pas.

Laat ons nou saamvat wat ons met die studie van Skrif en belydenis bereik het. Die wedergeboorte kan omskrywe word as 'n wonderdaad, wat deur die Heilige Gees in die uitverkorene uit louter genade gewerk word; wat na sy wese 'n geboorte is en in die ontvangenis oombliklik geskied; wat as geestelike lewensaanvang noodsaaklik is; wat as werk van die Gees van God onweerstandelik en ondeurgrondelik is; wat deur die mens lydelik ondergaan word; wat aan geen bepaalde leeftyd gebonde is nie; wat onmiddellik geskied; wat na sy aard nie skeppend is nie maar herskeppend is en wat wel vir 'n tydlank verborge, maar nooit werkeloos kan wees nie.

Alvorens ons daartoe oorgaan om die volgende heilsweldaad, nl. die roeping, te bespreek, wil ons, terwyl ons nou die betekenis, wese en aard van die wedergeboorte bepaal het, eers verduidelik waarom ons dit selfs voor die roeping stel. Die vanselfsprekende rede hiervoor is dat daar eers 'n hart moet wees wat vermurwe en ontvanklik gemaak is, 'n oor wat kan luister, 'n oog wat die geestelike dinge kan onderskei, voordat die roeping enige betekenis kan hê. Die roeping kan wel uitgaan voordat die mens weer gebore is; maar dit kan geen *heilsweldaad* wees — en oor die orde waarin die heilsweldade toegepas word, gaan dit hier — as die mens nie vooraf weer gebore is nie. Ons herinner net weer aan die geval van Lidia, in wie deur die wedergeboorte eers die ontvanklike geestesgesteldheid, die vereiste klankbodem, moes tot stand gebring word, voordat die stem van die Vader kragdadig tot haar kon spreek. Volledigheidshalwe meld ons nog dat Gereformeerdes van alle tye ook geen voorbereidende werking wat met die besondere genade verband hou en wat dan aan die wedergeboorte sou voorafgaan, aanneem nie, maar dat dit self die eerste besondere genadewerking is.

(b) Die Roeping.

Die woord “roep” of afleidinge daarvan word in die Skrif in verskillende betekenis gebruik. In 1 Kor. 1:1 lees ons byvoorbeeld van die roeping tot 'n amp; in Hand. 13:2 van roeping tot diens; in 1 Pet. 2:21 en 3:9 van die pligsroeping van alle gelowiges. Somtyds word ook van die “skeppende roepe” van God gewag gemaak, hoewel “skeppende spreke” seker juister is, soos blyk uit Gen. 1. en Ps. 33:9. Ook is daar nog wat in die godgeleerdheid die “saaklike” en die “woordelike roeping” heet, en hieroor wil ons nou breedvoerig handel.

Soos die naam aandui, kom die *saaklike* roeping tot die mens deur middel van sake. Tot alle mense kom daar, sodra hulle tot jare van onderskeid gekom het, so'n roeping in die natuur (Ps. 104:24; Matt. 5:45; Hand. 14:17; Rom. 1:20), in die geskiedenis (Hand. 17:26, 27) en in die mense self (Joh. 1:9, Rom. 2:14, 15). Alhoewel hierdie roeping onvoldoende vir die saligheid is, omdat dit die enigste Naam waardeur ons gered kan word, nie tot inhoud het en die enigste weg nie ken nie (Hand. 4:12 en Joh. 14:6), is dit tog van groot betekenis. Daardeur word die godsbewussyn en die afhanklikheidsin by die mens lewendig gehou, sowel as die strewe na 'n godsdienstige lewe; daardeur onderhou God die verantwoordelike besef en die gewete by die gevalle mens en sodoende die ganse sedelike lewe; daardeur word gevolglik die menslike samelewing, die handhawing van die reg en 'n hoëre kultuur moontlik gemaak, en daardeur word alle verontskuldigings die mens ontnem (Rom. 1:20).

Van hierdie roeping, wat deur die algemene openbaring tot die mens kom en waardeur die mens as 't ware van die stroompies na die bron, d.i. God, gelei word — om die mooi beeld van Calvyn te gebruik — moet die woordelike roeping onderskei maar nie geskei word nie. Dit vernietig nie die saaklike roeping nie, maar bevestig dit en is bowendien heilsroeping, wat deur die besondere openbaring geskied. Tot ons kom dié openbaring uitsluitend deur die Skrif; maar voor die Skrif daar was, het dit deur die gesproke Woord gekom. Reeds onmiddellik na die

sondeval het God sy besondere genade aan die mens betoon, toe Hy hom nie aan sy lot oorgelaat het nie, maar aan hom die sinryke vraag gestel het: “Waar is jy?” (Gen. 3:9), en veral toe hy aan die eerste mensepaar die moederbelofte gegee het (Gen. 3:15).

Sedert die vroegste tye het dié roeping dus geskied. En dit het ook groot afmetings aangeneem (Rom. 10:18). Insonderheid geld dit die eindtye wat ons belewe. Letterlik is deur middel van die radio die evangelie tot aan die uiterste eindes van die aarde gebring. In hoë mate gaan hierdie roeping uit tot almal wat die voorreg het om binne die grense van die Christendom woonagtig te wees. En as ons bedink hoe wyd die Christendom sy vleuels uitgebrei het, dan kan ons des te beter die betekenis van die woorde van onse Here Jesus verstaan, toe hy gesê het: “Want baie is geroep . . . “ (Matt. 22:14). Maar die Here het aan hierdie woorde nog iets toegevoeg: “. . . maar min uitverkies.” Op grond van ’n uitspraak soos hierdie het Calvin eenmaal aan Melanchthon geskryf dat die belofte in die evangelie universeel is (d.i. tot almal kom), maar dat die uitverkiesing partikulier is (d.i., net van sommige geld). Van die begin van die geskiedenis van die mensdom af was daar nl. twee linies: dié wat die roeping aangeneem het en dié wat dit verontagsaam het. Duidelik het dit reeds by Kain en Abel aan die lig getree. En na die dood van Abel is die linie van ware kinders van God voortgesit in Set en sy nasate wat in die voor-sondloedse mensheid altyd in skerpe teëstelling met die Kainskinders staan. Uit die afstammeling van Set is Abraham weer geroep en selfs binne-in die aartsvaderlike familie is die teëstelling deurgevoer. Nie Ismael nie, maar Isak is die seun van die belofte, en nouliks kan die verskil tussen broers groter wees as dié tussen Jakob en Esau.

Leerryk is dit om in dié verband daarop te let dat die seëninge van God in die reël in geslagte vloei. Die betekenis hiervan ten opsigte van ons, wie se voorgeslagte Geus en Hugenoet is, is duidelik, en die verantwoordelikheid om ons kostelike, geestelike erfgoed onbesmet aan die nageslag oor te lewer, groot. Om binne die genadeverbond gebore te wees is ’n onuitspreeklike voorreg, soos Augustinus, wat die kerk ons moeder noem, reeds beklemtoon het. Maar alhoewel geboorte veel sê, is liggaamlike afstamming nog geen waarborg vir geestelike kindskap nie, soos blyk uit die woorde van die apostel Paulus: “Want hulle is nie almal Israel wat uit Israel is nie. Ook nie omdat hulle Abraham se nageslag is, is hulle almal kinders nie ... “ (Rom. 9:6b en 7a). En dat almal wat uit gelowige ouers gebore is, nie geroepe is nie, word nog daagliks deur die ervaring bevestig; terwyl, aan die ander kant, God dikwels uit die heidendom sy kinders roep tot die ewige lewe.

Klaarblyklik moet daar dus ten aansien van die woordelike roeping ’n verdere onderskeiding aangebring word, nl. in uitwendige en inwendige roeping.

Die *uitwendige* roeping word deur Bavinck genoem “eene louter aanradende, zedelijke werking van het Evangelie” (*Handleiding bij het Onderwijs in den Christelijken Godsdienst*, p. 164), wat ongenoegsaam is om die hart van die mens te vernuwe. Tog moet dit nie as gebrekkig beskou word nie; intendeel, dit kom deur die Skrif en as sodanig is dit goed en ernstig, doen dit voorbereidende werk in die harte van die uitverkorenes wat nog ingebring moet word en keer dit nooit leeg na God terug nie: vir dié wat gered word, is dit ’n reuk van die lewe tot die lewe, en vir dié wat verlore gaan, ’n reuk van die dood tot die dood (2 Kor. 2:14-16). In hierdie voege sê een van ons belydenisskrifte baie treffend: “Maar almal wat deur die evangelie geroep word, word in alle erns geroep. Want God gee ons in alle erns en waaragtiglik in sy Woord te kenne wat Hom welgevallig is: naamlik dat diegene wat geroep is, tot Hom moet kom. Hy beloof ook in alle erns aan almal wat tot Hom kom en glo, die rus vir hul siele en die ewige lewe. Dat baie wat deur die bediening van die evangelie geroep is, nie kom en nie bekeer word nie, daarvan lê die skuld nie in die evangelie of in Christus wat deur die evangelie aangebied is nie, ook nie in God wat deur die evangelie roep en selfs ook aan hulle wat Hy roep, verskillende gawes meedeel nie, maar in die geroepenes self van wie sommige deur sorgeloosheid die

woord van die lewe nie aanneem nie. Ander weer, neem dit wel aan, maar nie in die binneste van hul harte nie, sodat hulle na 'n kortstondige vreugde van die tydelike geloof weer terugval, terwyl nog ander die saad van die Woord deur die dorings van die sorgvuldighede en deur die welluste van die wêreld laat verstik en geen vrugte voortbring nie, soos ons Saligmaker in die gelykenis van die saad dit leer (Matt. 13)” (*Dordtse Leerreëls*, III en IV, 8 en 9).

Die *inwendige*, kragdadige roeping bestaan in 'n onweerstaanbare, oordedende inwerking van Godswê in die wedergeborene en is uitvloeisel van sy verkiesende liefde (Rom. 8:28-30; *Dordtse Leerreëls*, III en IV, 10). Dit geskied deur die Woord in samewerking met die Heilige Gees. In sy hoofwerk wys Calvyn daarop dat die Woord alleen genoegsaam moes gewees het om geloof te wek, maar dat die mens so verblind en verhard is, dat die verligting van die Heilige Gees daarmee gepaard moet gaan (*Institusie*, 2, 2, 33). Die Heilige Gees is op die Pinksterdag uitgestort nie alleen om te vertroos nie, maar ook om, as die Gees van die waarheid, in die hele waarheid te lei (Joh. 16:13). In die binneste gee God sy Gees, sodat dié mens uit wie die hart van klip verwyder is en wat 'n hart van vlees, 'n wedergebore hart, ontvang het, waarop die Wet van God geskrywe is, sy insettinge en verordeninge sal onderhou en doen (Eseg. 11:19; 36:26 en 27; Jer. 31:33). Die God van onse Here Jesus Christus, die Vader van die heerlijkheid, gee aan sy kinders die Gees van wysheid en openbaring in kennis van Hom, verligte oë van die verstand, sodat hulle kan weet wat die hoop van sy roeping is, wat die rykdom van die heerlijkheid van sy erfdeel onder die heiliges is (Ef. 1:17 en 18).

As die inwendige, kragdadige roeping dan geskied deur middel van die Woord, blyk daaruit van hoe groot belang dit is om die onderlinge byeenkoms nie te versuim nie (Hebr. 10:25). Immers *daar*, in die gemeenskap van die heiliges, word die Woord verkondig (Rom. 10:14-17). Ook is dit duidelik dat die geesdrywers wat die Woord verag en die direkte, innerlike verligting deur die Gees, afgesien van die Woord, voorstaan, in dwaalleer verval. Dit is dan ook treffend om op te merk uit die kerkgeskiedenis hoeveel sektes, soos bv. *Christian Science*, juis uit hierdie eiesinnige godsdiens (Kol. 2:23) gebore is. Die rede hiervoor lê voor die hand: sodra die mens hom passief of lydelik instel, kry sy bouse natuur en die bouse magte van die duisternis die oorhand en gehoorsaam hy nie 'n roeping wat van Gods kant uitgaan nie, maar wat deur die Bouse ingegee is. Nee, “bedrieglik is die hart bo alle dinge” (Jer. 17:9); maar indien daardie hart wederbaar is, besit dit die vermoë om die openbaringstem wat van die Vader in die hemele kom, waar te neem, en kan dit ook alleen rus vind in die profetiese Woord, wat baie vas is en deur die Gees van Christus ingegee is en 'n onberoulike roeping werk (2 Pet. 1:19; 1 Pet. 1:11; Rom. 11:29).

Om dan op te som: Daar moet onderskei word tussen die saaklike roeping wat tot alle mense wat tot jare van onderskeid gekom het, in natuur, geskiedenis en in die mens self, kom, en die woordelike roeping wat eersgenoemde bevestig en bowendien heilsroeping is, wat voorts deur die besondere openbaring sedert die vroegste tye (en veral tans in baie wye kring) geskied. Ten aansien van laasgenoemde moet daar 'n verdere onderskeiding tussen uitwendige en inwendige, kragdadige roeping gemaak word, aangesien nie almal wat die Woord hoor, dit aanneem nie. Terwyl die uitwendige roeping slegs in 'n sedelike werking van die evangelie wat hoogstens aanraai, bestaan, *is* die *wese* van die inwendige geleë in 'n onweerstaanbare, oordedende inwerking van Godswê in die wedergebore mens deur die Woord, in medewerking met die Heilige Gees.

(c) Die Bekering.

Wat in al ons belydenisskrifte baie sterk op die voorgrond staan en wat by ons mense ook diep wortel geskiet het — luister maar na die gebed van die regskepe huisvader waar hy met sy dierbares om die huisaltaar vergader het en ons kom onder die indruk daarvan —, is dat ons ganse lewe, geestelik en stoflik, deur louter genade gedra word. Van wat in Filip. 2:13 as

grondwaarheid neergelê is, het ons dan ook 'n besondere geval waar daar geskrywe staan: “Bekeer my, dan sal ek my bekeer, want U is die HERE my God” (Jer. 31:18b), of: “Bekeer ons tot U, HERE dan sal ons ons bekeer” (Klaagl. 5:21 (a)). Hieruit blyk dat die bekering ook 'n *genadedaad* van God is.

Dit leer *Die Dordtse Leerreëls* baie uitdruklik waar dit bv. konstateer: “En dan word die wil wat nou vernuut *is*, nie alleen deur God gedrywe en beweeg nie, maar, omdat dit deur God beweeg word, werk dit ook self. Daarom word ook gesê dat die mens glo en hom bekeer deur die genade wat hy ontvang het” (Hff. III en IV, 12). In sy lewenswerk sê Calvyn ook reeds dat, terwyl die wil in die diensbaarheid van die sonde gevange gehou word, dit nie kan beweeg in die rigting van die goeie nie; want sodanige beweging is die beginsel van die bekering tot God, wat geheel en al in die Skrif aan die genadige God toegeskryf word (*Inst.* II, 3, 5). Maar soos uit die so-ewe aangehaalde skriftuurplekke en *Die Dordtse Leerreëls* klaarblyklik is, sluit die bekerende genadedaad van God nie die bekering van die kant van die mens self (wat God as verantwoordelike persoonlikheid geskep het) uit nie, maar word hy deur die genade van God juis daartoe gebring. Nooit dwing Hy die mense as sou hulle “stokke en blokke” wees nie, maar voer hulle tot “opregte gehoorsaamheid”, waarin juis “die waaragtige en geestelike weeroprigting en vryheid van ons wil geleë” is (*Dordtse Leerreëls*, III en IV, 16) — vrygemaak van die slawerny van die sonde deur die waarheid.

Weens die onbekeerlikheid van die mens dring die groot Hartekenner tientalle van male in sy onpeilbare genade in Ou en Nuwe Testament aan op die bekering (2 Kon. 17:13, Klaagl. 3:40, Eseg. 18: 30, Hos. 6:1, Sag. 1:3, Mal. 3:7, Matt. 3:2, Mark. 1:4, Hand. 3:19, Openb. 2:5, ens.). So verhard is die mens dat God, om hom tot bekering te bring, dreig met sy ewige oordeel. Met groot erns skryf Calvyn hieroor: “En as hierdie gedagte die hart eenmaal vervul het, dat God eenmaal op sy regterstoel sal klim om van alle woorde en werke rekenskap te vorder dan sal dié gedagte die ellendige mens geen rus laat hê of een oomblik laat asem skep nie, maar hom gedurig aanvuur tot die betragting van 'n ander lewenswyse, sodat hy hom voor die oordeel met gerustheid sou mag stel” (*Inst.* III, 3, 7).

Vervolgens moet ons uit die Heilige Skrif besonderhede opdiep aangaande die aard van hierdie genadedaad van God, waarby die mens deur Hom ook tot selfwerkzaamheid beweeg word. Verskeie woorde word in die Ou en Nuwe Testament gebruik vir die begrip wat ons met die woord bekering aandui. Die duidelikste kom die grondbetekenis daarvan uit in twee Griekse woorde waarvan een nege-en-dertig maal in die Nuwe Testament voorkom en die ander twintig maal. Die plekke waarin laasgenoemde voorkom is: Mat. 13:15, Mark. 4:12, Luk. 1:16, 17, Luk. 22:32, Joh. 12:40, Hand. 3:19 en 9: 35, 11:21, 14:15, 15:3 en 19, 26:18 en 20, 28:27, 2 Kor. 3:16; 1 Thess. 1:9; Jak. 5:19, 29; 1 Pet. 2:25. In al die orige plekke kom die ander woord voor.

Die een woord beteken 'n afkeer van die innerlike gesindheid wat tot dusver oorheersend was; dit behels 'n inwendige sinsverandering; nie maar 'n oppervlakkige, sedelike verandering nie, maar 'n verbreking van die hart (Ps. 51:19; Hand. 2:37). Die ander het as betekenis 'n verandering in lewenshouding en -rigting, wat van die inwendige verandering openbaring is en wat neerkom op 'n verlegging van die swaartepunt van die diens van Satan, self en die wêreld na die ware diens van God. Op die verandering van gesindheid volg altyd die ommekeer in die uitwendige lewensverhoudinge en -wandel. Die mens keer hom, met die bewuswording van die nuwe, potensieële lewe wat met die wedergeboorte in hom gelê is, nie net af van die sondige van die verlede nie, maar keer hom daarna ook in alles ten gevolge van die ombuiging van sy wil, toe tot God. Dit blyk duidelik uit Hand. 3:19 en 26:20, waar die beide woorde wat in die oorspronklike “bekeer” beteken in dié volgorde gebruik word. God word nou in Christus Jesus sy Hemelse Vader — en “wat is God”, het Augustinus eenmaal uitgeroep, “as Hy nie *my* God is

nie!”

Mooi is hierdie waarhede vasgelê in die Dordtse Leerreëls waar o.m. die volgende voorkom: “(God) open die hart wat gesluit is; Hy vermurf wat hard is; Hy besny wat onbesnede is. In die wil stort Hy nuwe hoedanighede in en maak dat die wil wat dood was, lewend word; wat boos was, goed word; wat nie wou nie, nou inderdaad wil; wat wederspanning was, gehoorsaam word. Hy beweeg en versterk die wil, sodat dit soos ’n goeie boom vrugte van goeie werke kan voortbring” (Hff. III en IV, 11).

Tussen hierdie eerste, prinsipiële bekering en alle verdere vorms van bekering moet goed onderskei word. Daar is nl. ook nog die daaglikse of voortgesette bekering, wat beter bekend staan onder die naam van die heiligmaking, en wat die gestadige afsterwe van die ou mens en die opstaan van die nuwe mens behels (vgl. *Heid. Kat.*, Sondag 33).

Dan is daar ook nog die sogenaamde “tweede bekering” na ’n sware sonde (soos by Dawid), wat egter nie so opgevat moet word asof dit die plek van die eerste bekering inneem nie. Nee, die waaragtige eerste bekering vind net eenmaal en vir altyd plaas en is, as heilswelddad wat deur God gewerk is, onvernietigbaar, en juis daarom die wortel waaruit alle verdere bekerings voortspruit.

Kuyper wys ook nog op die volgende geestelike ondervindings wat hy onder die tweede bekering tuisbring: in die geval van persone wat *voor* hul eerste bekering verslaaf was aan een bepaalde sonde, neem die bekering dikwels te veel die vorm aan van: breek met dié een sonde, en dan bly die oë gesluit vir die orige sondes; terwyl van die bekeerde behoort te geld dat hy “met ’n ernstige voorneme nie alleen na sommige nie, maar na al die gebooie van God begin leef” (*Heid. Kat.*, vraag 114). Nou begryp die bogenoemde bekeerde dit nie altyd nie en kom ten gevolge van die ander sondes wat nog in sy lewe bly voortwoeker, weer in die woestyn. In dié woestyn soek God hom dan weer op en open deur ’n tweede bekering sy oë vir die rykdom wat vir sy kinders weggeleë is. Maar ook hier stel Kuyper voorop: “Niet natuurlik, alsof men zich ten tweeden male bekeeren kon, in den zin, waarin men zich de eerste maal tot zijn God keerde. Dit tog is, gelijk we zagen, volstrekt ondenkbaar. Maar wat wel voorkomt, is dat een tweede bekeering aanvullend en voltooiend op de eerste principieele bekeering volgt” Of dit gebeur ook dat ’n kind van God juis om rede van die eensydige aard van sy eerste bekering in sy sonde terugval en dan meteens in sy toestand van geestelike ellende ontwaak en terugkeer tot God. Maar ook hier dra die tweede bekering ’n ondergeskikte karakter (*E Voto Dordraceno*, III, pp. 445-7).

Die eerste, prinsipiële bekering bring God op verskillende wyse in verskillende mense tot stand. Anders as die Metodisme leer ons dat daar nie net een metode is waarop almal tot bekering gebring word nie. Deur so’n standpunt word die verskeidenheid van Gods skepping, die algemene genade en die verbondsgedagte misken. Daar is die verskil van persoonlikheid en temperament, van opvoeding en kultuur, en veral kom dit daarop aan of iemand uit gelowige ouers gebore is, al dan nie. Daarby kom dan nog dat God deur aanwending van verskillende middele tot bekering voer. Die vernaamste hiervan is seker die prediking. Nie alleen was al die profete predikers van boete en bekering nie, maar onse Here Jesus het sy ampswerk ook met bekeringsprediking aangevang (Mark. 1:15). Soms was die middel ook die wonder (Hand. 5:12, 14). Van die grootste gewig is en bly dat die mag om te bekeer in die hande van God is en dit Hom kan behaag om iemand deur lang, getroue bearbeiding, deur prediking, katkisasie, sagmoedige teregwyding (2 Tim. 2:25), deur die Christelike opvoeding, soos heel waarskynlik in die geval van die bondskind Timotheus (2 Tim. 1:5), na Hom te trek, of op drastiese wyse, soos met Paulus gebeur het, aan die mag van die duisternis te ontruk. Selfs in die laaste geval is daar egter altyd voorbereiding, waardeur die mens, al is hy self daar nie van bewus nie, ryp gemaak word om hom te bekeer wanneer die oomblik daarvoor aanbreek.

Nieteenstaande hierdie verskil word die eis aan alle mense wat tot hul bewuste leeftyd gekom het, gestel om hulle te bekeer. En by elkeen, of hy nou al bondskind is of nie, moet by die eerste, prinsipiële bekering 'n oomblik aanbreek waarin hy tot 'n besliste keuse kom. "Er is altoos een bepaald moment, een stip des tijds, een enkele ademhaling zoo ge zoo wilt, waarin die overgang over de schreef plaats grijpt. Tussen rechts en links ligt altoos een scherpe scheidslijn . . . eerst de overgang over de streep, die links en rechts scheidt, is in waarheid de bekeering. Zie het maar aan den evenaar. Eerst met dat allerlaatste tikje slaat de balans over; en toch juist op dat overslaan komt het aan" (Kuyper, *E Voto Dordraceno*, III, pp. 75, 432). Die krisis sal gekenmerk wees deur 'n droefheid oor sonde: "Want die droefheid volgens die wil van God werk 'n onberoulike bekering tot verlossing ..." (2 Kor. 7:10). Ursinus, die mede-opsteller van *Die Heidelbergse Kategismus*, spreek in sy *Schatboek* van die bekering as 'n verbryseling; en Kuyper maak gewag van 'n berou by die bekering, "die al wat dusver hoog voor hem (d.i. die persoon wat hom bekeer) stond, doet vallen en verbrijzelt, te beginnen met zijn eigen ik" (*Dictaten, De Conversoie*, p. 93). Ook sal daar, soos aangedui, altyd 'n terugkeer wees, soos van die verlore seun na die Vader, langs die kruis van Golgota heen.

In verband daarmee kom die vraag op: kan die bekeerde altyd dag en datum van sy bekering noem? Hierop is die antwoord ontkennend. Hy wat in growwe sondes verval en geleef het, sal hom dié dag wel kan herinner toe hy sy God gevind het; maar hy wat van sy prilste jeug af onder Christelike invloede gestaan het, sal in baie gevalle nie sy vinger kan lê op dié ondervinding wat sy prinsipiële bekering was nie. Die rede hiervoor lê voor die hand: nie alleen het sy bekering nie met so'n magtige aangryping en skok gepaard gegaan soos dié van die uitgesproke wêreldling nie, maar kan hy hom 'n hele aantal geestelike ervarings meer of minder helder voor die gees roep, waarvan hy nie weet watter die egte en eerste bekering was nie. Immers, die bekering vind by die bondskind gewoonlik vroeg reeds plaas, en om later in die lewe presies uit te maak watter ervaring die eerste ware bekering was, is nie so maklik nie. Bowendien word die verdiepende ondervindings van die geestelike lewe tydens die voortgesette bekering of met die tweede bekering telkens weer verwar met die eerste bekering. Hoe dikwels hoor 'n mens bv. iemand, van wie jy weet dat hy reeds jare 'n kind van God is, verklaar dat hy so pas met 'n konferensie of gedurende Pinkstertyd tot bekering gekom het. Dit was nie sy eerste bekering nie, maar verdieping van sy lewe van heiligmaking. En dat hierdie vergissings plaasvind, is nie verbasingwekkend nie, aangesien die bekering per slot van rekening so'n ingrypende en diepgaande geestelike verandering behels, dat selfs die bekwaamste godgeleerde of sielkundige nie by magte is om die genadewerking van God daarby te peil of presies te beskryf nie. Hierin maak die Metodisme dus 'n fout dat hy eis dat elke bekeerde die moment van sy bekering moet kan aandui.

Eindelik wil ons stelling inneem teen sektariese rigtings, soos die Spiritisme wat beweer dat daar na dié lewe vir hulle wat in ongeloof en ongehoorsaamheid aan Gods Woord leef, nog 'n geleentheid sal wees om hulle te bekeer. Dit kan nooit, met die Skrif in die hand, gehandhaaf word nie. Duidelik staan daar tog geskrywe: "Want ons moet almal verskyn voor die regterstoel van Christus, sodat elkeen kan ontvang wat hy *deur die liggaam* verrig het volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad" (2 Kor. 5:10). Die oordeel geskied dus volgens wat die hele mens, siel en liggaam, gedoen het en nie volgens 'n keuse wat die ontliggaamde siel maak nie. En, gestel argumentshalwe dat daar so'n tweede geleentheid sal wees, dan moet dit natuurlik geld van diegene wat met die koms van Christus ook nog lewe. Dog wat is die Skrifgetuienis ook in dié verband: van twee wat op een bed is, of wat saam maal, of wat op die land is, word die een aangeneem en die ander verlaat (Luk. 17:34-36). En as die Bruidgom gekom het, word die deur gesluit en diegene wat later wil inkom, moet verneem: "Voorwaar, Ek sê vir julle, Ek ken julle nie" (Matt. 25:10-12; vgl. ook Luk. 13:24 en 25). Weg dus met die leuen wat uit die hel sy oorsprong het dat die mens hier maar in sy sonde kan voortlewe, omdat

hy tog weer 'n kans sal kry om hom te bekeer! “Kyk, *nou* is die tyd van die welbehag; kyk, *nou* is die dag van verlossing” (2 Kor. 6:2),

Ons besluit dan dat die eerste of prinsipiële bekering 'n genadedaad van God is; dat daarin die potensiele of sluimerende lewe wat met die wedergeboorte in die uitverkorene gelê is (na sy inwendige, kragdadige roeping, onder sterke aandrang van Godswêë) in die bewuste leeftyd tot uiting kom in selfwerkzaamheid aan die kant van die mens; dat dit bestaan in 'n innerlike sinsverandering, 'n afkeer van die Satan, die wêreld en selfdiens, wat hom openbaar in 'n veranderde lewenshouding en -wandel — 'n toekeer tot die ware God en sy diens; dat dit net eenmaal geskied; dat dit op verskillende maniere en deur aanwending van verskillende middele (nooit sonder voorbereiding nie) gewerk word; dat dit egter eis is vir almal wat tot hul verstand gekom het, en by almal met selfverbryseling en die terugkeer tot onse Vader in Christus moet gepaard gaan; dat dit altyd uitloop op 'n besliste keuse; dat dit nie in alle gevalle met dag en datum kan aangedui word nie; en dat dit slegs in hierdie lewe kan plaasvind.

(d) Die Geloof.

In verband met die geloof is dit nodig om eers 'n paar inleidende opmerkinge te maak.

Kuyper wys daarop dat daar moet onderskei word tussen geloof in algemene, menslike sin en saligmakende geloof. Eersgenoemde behoort by die menslike natuur as sodanig, terwyl die saligmakende geloof 'n gawe van besondere aard is, wat deur 'n herskeppende daad van God in die sondaar gewerk word. Uit die aard van die saak vorm laasgenoemde die eintlike onderwerp van bespreking, aangesien ons oor heilsweldade handel maar om deeglik in die heilswaarheid ingewy te word, is dit nodig om ook iets aangaande die ander vorm van geloof te sê.

Die algemene, menslike geloof (waarvan die Skrif bv. in Hebr. 11:1 spreek) is dié werking van die bewussyn (in ruimer sin as verstand geneem), waardeur die mens, as skepsel en beeldraer van God, Hom as God, wat geëer en gedien moet word, erken. In afgeleide sin rig hierdie geloof hom ook op die persoon en woord van die medemens, of op die ideaal wat ons ons stel, soos behels in 'n alles-omvattende goddelike bestel. In hierdie algemene sin het die mens selfs voor sy sondeval geglo en sal hy glo ook wanneer hy as gesaligde in die hemel verkeer. Ook onse Here Jesus het geloof in dié sin gehad. Natuurlik het Hy dit nie in die saligmakende sin gehad nie (want dit sou direk indruis teen sy Godheid en middelaarskap); maar neem ons geloof as bewustheid van die band wat ons aan God bind — 'n band wat by die ware menslike natuur behoort — dan moet ons juis aanneem dat dit in volmaakte sin by Hom aanwesig was. Anders sou ons Hom sy menslike natuur ontsê. Hierby moet egter gevoeg word dat die bewustheid van die band by Hom (terwyl ons bely dat Hy twee nature en slegs een Goddelike Persoon het) 'n ander karakter as by ons gedra het.

Met die geloof in algemene sin hang die wondergeloof saam, waarvan die wese bestaan in die bewussyn van die alles-vermagtende kragte wat in die Almagtige is. Van dié geloof spreek Christus byvoorbeeld in Matt. 17:20. Daarom sê Hy ook: “. . . en niks sal vir julle onmoontlik wees nie,” d.i., die geestelike mag sal oor die stoflike heers.

Nie alleen hierdie wondergeloof nie (Matt. 7: 22), maar ook die algemene, menslike geloof in sy hele omvang word deur die sonde omgekeer. Dit laat die geloof in ongeloof omslaan. En hierby moet ons in gedagte hou dat ongeloof nie maar gebrek aan geloof is nie, maar die negatiewe werking van 'n vermoë wat ons ingeskape is.

Met die herskeppende daad van die wedergeboorte lê God dan uit vrye genade as gawe (Ef. 2:8, Filip 1:29) die saad van die saligmakende geloof in die hart van die uitverkorene (Hand. 13:48; Ef. 1:5; Joh. 1:12 en 13), waardeur die werking van die ongeloof prinsipiël oorwin word. As vrug van die verkiesing ontkiem die waaragtige geloof dan (en nie: verkiesing op grond van vooruitgesiene geloof nie), sodat die mens ook self glo (Joh. 1:12). Dié ontkieming vind

gelyktydig met die bekering plaas, onder die gehoor van die Woord (Rom. 10:17).

Wat die wese van die saligmakende geloof betref, kan ons die rype vrug van die gelowige besinning oor die besondere openbaring van die verlede pluk. *Die Heidelbergse Kategismus* gee die volgende omskrywing daarvan: “’n Ware geloof is nie alleen ’n gewisse kennis waardeur ek alles vir waaragtig hou wat God aan ons in sy Woord geopenbaar het nie, maar ook ’n vaste vertrouwe wat die Heilige Gees deur die evangelie in my hart werk dat nie alleen aan andere nie, maar ook aan my vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid deur God geskenk is uit loutere genade, alleen terwille van die verdienste van Christus” (Sondag 7, vraag 21). Wat ons hier in die eerste plek tref, is dat die saligmakende geloof nie regstreeks op God Drie-enig gerig is nie (soos ’n bekende godgeleerde dit stel), maar op die Skrifwoord en vleesgeworde Woord, om langs dié weg weer op te buig tot God.

Kennis moet daar by die gelowige wees omtrent wat in die Skrifwoord geopenbaar is. Sedert die eerste eeue van die bestaan van die Christelike Kerk is oor die geopenbaarde waarheid (wat sy hoogtepunt in die koms van die Middelaar vind) besin, en die vrug daarvan is in belydenisskrifte vasgelê. Indien ons die toetssteen van Gods Woord aanwend, dan kan die lyn waarin van die vroegste tye in die verlengde van die waarheid gearbei is, duidelik onderskei word: dit loop van die eerste eeue oor die belydenisskrifte van die vroeë Kerk (soos dié wat bv. op die Sinode van Nicea vasgelê is), Augustinus, Gottschalk, Calvin en die geloofs-belydenisse van al die Gereformeerde Kerke heen. Augustinus het reeds die gesag beklemtoon waarmee die kerkleer tot ons kom. Daarvan mag nooit smalend en minagtend gesprek word as blote mensewerk nie. Dit is nie maar die opinie van enkelinge nie, maar dit is die rype, gelowige besinning oor die Skrifopenbaring (nie eie breinspinsels nie), wat bowendien op verskillende Sinodale Vergaderings onder die leiding van Gods Gees neergelê is, en alleen langs kerklike weg deur die Sinode kan verander word. Daarom kom dit met gesag tot ons — ’n gesag wat uit Gods Woord afgelei is.

Maar al sou ons verstandelik die Skrifopenbaring en die besinning daarvoor wat in die belydenisskrifte vervat is, aanvaar, sou ons daardeur nie die “gewisse kennis” van die geloof besit nie. Juis hierin verskil die Protestant van die Rooms-Katolieke so radikaal dat geloof vir hom nie maar in verstandelike toestemming (waarteen Jakobus so sterk opkom) bestaan nie, maar ’n saak van die hart is (Rom. 10:10). Dit is dan ook treffend dat die belydenisskrifte wat ons aanvaar, ontstaan het, nie in die rustige atmosfeer van die studeervertrek nie, maar in ’n tydsgewrig toe ons vaders gestry het vir die geloof (vgl. Judas 3b) en hul oortuigings met hul lewensbloed verseël het. Hoe aangrypend, daardie slotwoorde van die laaste brief wat Guido de Brés, die opsteller van *Die Nederlandse Geloofsbelydenis*, net voor sy marteldood aan die galg geskryf het: “Gevangene van die Seun van God ... ” Vir hom, soos vir die opstellers van ons ander belydenisskrifte, was wat hy as sy geloof bely het, nie maar ’n oortuiging van die onherbore verstand nie, maar ’n kennis aangaande “die dinge van die Gees van God” wat deur sy wedergebore hart “geestelik beoordeel” is, en waarvan hy met sy geheiligde verstand “verantwoording” gedoen het (1 Kor. 2:14, 1 Pet. 3:15).

En indien ons waarlik glo, moet ons daardie kennis, waarvoor ons ook gewillig is om ons lewensbloed te stort, besit. Die gesagsgeloof wat van kerkweë tot ons kom, moet ons waardeur as ons kostelike, geestelike erfgoed, maar indien dit vir ons geestelike waarde sal hê, moet dit ook ons *persoonlike* geloof word. Geestelike lewe bestaan dan *ook* nie in ’n ligbewoë gevoelsaandoening of veranderlike sentiment nie, maar daarin dat ek met my hele wese, uit my hart “amen” sê op die leer wat die kerk my as moeder voorhou. So’n kennis sal vir ons wees “’n gewisse kennis waardeur ek alles vir waaragtig hou wat God aan ons in sy Woord geopenbaar het.”

Met dié kennis is “’n vaste vertrouwe” onlosmaaklik verbonde; daarom noem die *Kategismus* dit

ook as tweede wesenstrek van die saligmakende geloof. En van vertrouwe kan hier alleen sprake wees omdat die voorwerp van hierdie geloof 'n persoon, die vleesgeworde Woord (Joh. 1:12, 14), is. Vandaar dat ons met die ganse Christelikheid elke Sondag bely dat ons nie maar aan Jesus as geskiedkundige persoon glo met 'n sogenaamde "historiese geloof" nie, maar *in* Hom glo as Here en Verlosser.

En waarin bestaan dié vaste vertrouwe en hoedanig moet dit wees? Hierop vind ons 'n antwoord in die woorde van onse Here Jesus: "Voorwaar Ek sê vir julle, elkeen wat die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie" (Luk. 18:17). As die Meester die eis van: ". . . soos 'n kindjie" stel vir ingang in die Godsryk, dan kon Hy daarmee nie bedoel het: onskuldig nie, want in sonde word die mens ontvang en gebore (Ps. 51:7). Maar wesenlike trek van alle kinders is en bly: afhanklikheidsin en gevolglike toekeer tot vader en moeder om in alle behoeftes te voorsien. Soos 'n kindjie, dus, moet die sondaar sy algehele afhanklikheid van God besef vir sy ewige heil en hom heeltemal verlaat op die soenverdienste van die Middelaar tussen God en die mense, Jesus Christus. Daarin bestaan die essensie, die wese, van die saligmakende geloof. En hierby kom dit aan nie op u en my geloofsgesteldheid as sodanig nie (want ook dit bly onvolkome, en ons sou in Roomse werkheiligheid verval as ons daaraan die minste verdienstelikheid wil toeskryf), maar op die voorwerp van ons geloof, Jesus Christus, wat selfs ons geloof vervolmaak.

Die geloof is ook hierin as inplanting van God volmaak dat dit onverliesbaar is. Waarborg daarvoor is die voorbede van Christus (Luk. 22:31, 32) Hiervan onderskei die Here dan ook self die tydgeloof, in die gelykenis van die saaiër (Matt. 13:20 en 21). Nie soos die gevoel wat soos onweerswolke van dag daar is en môre verdwyn het nie, maar soos die son wat elke môre skyn, ook al neem ons dit nie waar nie, is die egte geloof.

Die voorgaande bring ons daartoe om te spreek oor geloofsversekerdheid. Behoort die sekerheid van die geloof tot die wese of die welwese (as u wil, die sierade) van die geloof? 'n Man soos Job kon sê: "Maar ek, ek weet: my Verlosser leef" (Job 19:25). Maar besit alle gelowiges hierdie versekerdheid?

As ons die briewe van die Nuwe Testament wat aan groter of kleiner leserskringe gerig is, raadpleeg, dan vind ons bv.: "Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is" (Rom. 8:16); "Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid" (Hebr. 10:19 en 22); "Geliefdes, nou is ons kinders van God en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is ... Ons weet dat ons oorgegaan het uit die dood in die lewe, omdat ons die broeders liefhet" (1 Joh. 3:2, 14; vgl. ook 2 Kor. 1:22, Ef. 1:13, 14). Voorts maak 'n godgeleerde daarop attent dat in al die gevalle waar daar in die Skrif sprake is van kleingeloof, dit nie slaan op die saligmakende geloof nie, maar op wondergeloof.

Deur die Woord van God word die sekerheid dus onteenseglik by die lede van die Kerk van Christus verbind met die geloof. Dit is 'n wesenlike bestanddeel van die geloof: daarsonder is die geloof nie meer geloof nie. As ek gelowige is, is die *persoonlike sekerheid* ook daarmee gegee. Daarom noem die *Kategismus* onder vraag 21 ook as wesenstrekke van die geloof: "n *Gewisse kennis*" en 'n "*vaste vertrouwe*", en vervolg dan: "Wat die Heilige Gees deur die evangelie in *my* hart werk, dat nie alleen aan ander nie, maar ook aan *my* vergewing van sonde, ewige geregtigheid en saligheid deur God geskenk is", ens. (Kursivering van my.)

Maar dit is wel nodig om te onderskei tussen die kiem van die versekerdheid wat elkeen wat gelowige is, besit, en die geestelike hoedanigheid in sy ontwikkelde openbaringsvorm, net soos daar onderskei moet word tussen 'n kindjie en 'n volwassene. Wat hierby ewenwel nie uit die

oog verloor moet word nie, maar juis nadruk verdien, is dat soos die kind ewegoed as die volgroeide mens is, so is die versekerdheid, ook in kiem, tog versekerdheid. En dié versekerdheid, hetsy in ontwikkelde of in onontwikkelde vorm, is onafskeidbaar verbonde aan die geloof. Op treffende wyse bstry die Dordtse vaders in verband met die leer oor die volharding van die gelowiges die Arminiaanse dwaling, wat onsekerheid in die hand werk, as volg: “Van hierdie bewaring van die uitverkorenes tot die saligheid en van die volharding van die ware gelowiges in die geloof, kan die gelowiges self versekerd wees, en hulle is dit ook volgens die maat van die geloof waarmee hulle sekerlik glo dat hulle is en altyd sal bly ware en lewende lede van die Kerk, dat hulle vergifnis van die sondes en die ewige lewe deelagtig is. Hierdie sekerheid spruit derhalwe nie voort uit enige besondere openbaring wat sonder of buite die Woord plaasgevind het nie, maar uit die geloof aan die beloftes van God, wat Hy in sy Woord baie oorvloedig tot ons troos geopenbaar het; uit die getuienis van die Heilige Gees wat saam met ons gees getuig dat ons kinders en erfgename van God is, en eindelijk uit die ernstige en heilige strewe na ’n goeie gewete en goeie werke. En as die uitverkorenes van God in hierdie wêreld hierdie vaste troos dat hulle die oorwinning sal behou en hierdie onfeilbare pand van die ewige heerlikheid nie sou besit nie, dan sou hulle van al die mense die ellendigste wees” (*Dordtse Leerreëls*, Hf. V, pp. 9 en 10).

Dit sou u aandag nie ontgaan het nie dat ons belydenisskrif, in die gedeelte wat ons aangehaal het, die gedagte dat die geloofsversekerdheid uit buitengewone openbarings spruit, veroordeel. Hieroor wil ons iets meer sê, omdat ons daarin met ’n dwaling te doen het wat van Doperse kant ook by sommige van ons lidmate ingang gevind het. Die sogenaamde inwendige of innerlike verligting wat hieronder val, het ons in verband met die roeping reeds afgewys; maar daar is nog ’n sy van die saak wat ons aandag verdien. In die sielkunde is dit ’n bekende feit dat oorspanning van senuwees by enkele nature aanleiding gee tot die hoor van denkbeeldige stemme of die sien van gesigte. So kom ’n mens somtyds tere Christene teë wat ongetwyfeld in alle opregtheid omtrent wat hulle onder diepe sielontroering waargeneem het, vertel. Die fout wat die mense dan begaan, is om hierdie denkbeeldige gebeurtenisse te beskou as diepste grond van hul geloofsversekerdheid, in plaas van die getuienis van die Heilige Gees in en deur die Woord van God. Bowendien gaan sommige van hulle die gemeente in om aangaande hierdie gebeurtenis te vertel en die eis op te lê dat, indien iemand verseker van sy geloof wil wees, hy ’n dergelyke ondervinding moet deurmaak. En dit werk dikwels ongeestelike oorgeestelikheid in die hand. (Vgl. Kuyper, *E Voto*, 11, p. 101v.)

Dat God mense gesigte kan laat sien en laat sien het gedurende die tye voor die afsluiting van die Skrifopenbaring (bv. aan ’n Moses en Paulus) betwis ons allermins; maar dit is nie die weg wat Hy vir sy Kerk verkies het nie. Geestelike bevinding — diepe, ryke geestelike bevinding word vandag gewerk deur die gebruik van die genademiddels van Woord en sakramente wat God ons gegee het. Deur die wortel van die geloofsplanta op dié wyse te besproei, sal die blom van versekerdheid ontluk. En ons hart sal dan aan die Nagmaalsdis jubel in die soete en ware gemeenskap met ons verhoogde Heiland en gloei van Pinkstervuur.

Laat ons dan vashou aan die suiwere waarheid wat ons as Kerk met hierdie woorde bely: “Van hulle ewige en onveranderlike uitverkiesing tot saligheid word die uitverkorenes op die regte tyd, ofskoon met verskillende trappe en in ongelyke mate, verseker; nie as hulle die verborgenhede en dieptes van God nuuskieriglik deursoek nie, maar as hulle die onfeilbare vrugte van die uitverkiesing, soos in die Woord van God aangewys — bv.: die geloof in Christus, kinderlike vrees van God, droefheid tot God oor die sonde, honger en dors na die geregtigheid, ens. — in hulleself met ’n geestelike blydskap en heilige genieting waarneem (2 Kor. 13:5). Uit die gevoel en die versekerdheid van hierdie uitverkiesing vind die kinders van God daagliks meer rede om hulleself voor God te verootmoedig, die diepte van sy barmhartighede te aanbid, hulleself te reinig, en Hom wat hulle eerste so uitnemend liefgehad

het, van hulle kant vuriglik “te bemin” (*Dordtse Leerreëls 1, 12 en 13*).

Voor ons opsom, is daar nog een saak wat kortliks ons aandag verdien. Terwyl die Skrif duidelik leer dat daar sonder geloof geen saligheid kan wees nie, hoe is dit dan hiermee gestel wat vroegsterwende kindertjies betref? Groot godgeleerdes, soos Calvyn, Voetius en Van Maastricht, is dit hierin eens dat in hulle reeds ingeplant is die wortel en saad van die geloof. Ons haal die woorde van Calvyn hieroor in verband met die kinderdoop aan: “Die kindertjies word gedoop tot die bekering en die geloof wat hulle in die latere lewe sal hê, die saad van watter gawes deur die verborge werkinge van die Gees reeds in hulle is, alhoewel die gawes self hul vorm en gedaante in hulle nog nie het nie” (*Inst. IV, 16, 20*).

Nou volg die samevatting: in die mens is ’n algemene geloof ingeskape (waarmee die wondergeloof saamhang) waarvan die werking deur die sonde omgekeer word in ongeloof. Met die wedergeboorte lê God uit vrye genade die saad van die saligmakende geloof in die hart van die uitverkorene, waardeur die ongeloof prinsipiële oorwin is. Gelyktydig met die bekering ontkiem dié saad dan, sodat die mens ook self glo. Hierdie geloof rig hom eers op die Skrifwoord en vleesgeworde Woord, om daarna tot God op te buig. Kennis omtrent die Skrifwoord is ’n wesenlike trek van die geloof. Met gesag spreek Gods Woord tot ons en die Kerk van Christus kom tot ons met kennis omtrent dié Woord in die vorm van rype, gelowige besinning van die eeue, onder die leiding van die Heilige Gees, soos in ons belydenisskrifte neergelê. Verstandelike toestemming van die waarheid is egter nie genoeg nie, maar geestelike beoordeling en verwerking daarvan met die geheiligde verstand is noodsaaklik. So’n kennis is die “gewisse kennis”, waarmee “’n vaste vertrouwe” as tweede wesenstrek van die geloof onafskeidbaar verbonde is — ’n vertrouwe in die Persoon van Christus self en nie maar ’n erkenning dat Jesus in die geskiedenis bestaan het nie. Dié vertrouwe bestaan in die algehele afhanklikheid waarmee die sondaar hom verlaat op die soendood van die Middelaar, sodat die vleesgeworde Woord die barmhartighede van die Vader aan hom kan openbaar. Die geloof bestaan dus in ’n persoonlike verhouding van die ganse wedergebore persoonlikheid — nie net van die geheiligde verstand of gemoed nie, maar van albei — tot die God van alle vertroosting en ontferming.

In teëstelling met die tydgelooft is die egte geloof as gawe van God onverliesbaar, en versekerdheid is daarvan ’n wesenlike bestanddeel, hoewel dit by sommige nog in die kiem aanwesig is. Dié geloofsversekerdheid word nie deur buitengewone openbarings gewerk en versterk nie, maar deur die gebruik van die deur God gegewe genademiddele. Selfs vroegsterwende kindertjies besit reeds die saad van die saligmakende geloof, waarsonder hulle nie gered sou wees nie.

(e) Die Regverdigmaking.

Dit het reeds uit die voorafgaande geblyk dat die regverdigmaking as regtelike daad in die ewigheid plaasgevind het, en dat die voorwaarde wat die Vader daarvoor gestel het deur die tweede Persoon van die Goddelike Drie-eenheid in die volheid van die tyd, as die vleesgeworde Woord wat borgtogtelik gely en gesterf het, vervul is. Alle heilsweldade, by name ook die regverdigmaking, lê tans in Christus gereed, en word uit sy volheid deur die Heilige Gees aan alle uitverkorenes (wat in beginsel reeds van alle vloek, straf en skuld — ook die erf-skuld — vrygespreek is) aangebied. Die toepassing van die weldaad van die regverdigmaking veronderstel, in die eerste plek, die inplanting van die geloofsvermoë met die wedergeboorte deur dieselfde Gees. Die aanname van die heilsweldade geskied dan wanneer die geloof in die bekering deurbreek. Daarom spreek die Skrif van regverdigmaking deur of uit die geloof in Christus (Rom. 3:28; 4:5; 5:1; Gal. 2:16; Filip. 3:9).

Dit is dan duidelik dat die uitverkorene se naam van alle ewigheid af, nog voor hy geglo het of kon glo, in die “Boek van die Lewe” as: “Geregverdigde”, opgeteken is; maar dat dit van hom

as skepsel en sonbaar — dis die *goddelose* wat geregverdig word (Rom. 4:5) — pas in die tyd begin geld, nl. van die oomblik af dat hy dit deur die geloof, as die van God gegewe orgaan daarvoor, aanneem. Die besef daarvan kan eers dateer sedert die moment van aanname en word steeds helderder namate die geloof kragtiger word in die voortgesette bekering.

Teen hierdie grondbeginsel van die Protestantisme, tw. die regverdigmaking deur die geloof in Christus, is deur hulle wat vir 'n deel of heeltemal hul vertrou op die verdienste van die mens stel, die beswaar ingebring dat dit neerkom op 'n blote regverdigverklaring buite die mens om. God het die dwaling toegelaat, het Calvyn eenmaal gesê, om ons die waarheid dieper te laat indink en om ons die heerlijkheid daarvan des te beter te laat sien. Soos alle leuen verdwyn ook hierdie mis van dwaling onder die waarheidsbestraling van die Son van Geregtigheid, en sien ons Hom in des te skitterender glans. Die dwaling vind sy steunpunt in hierdie geval op die veronderstelling dat daar geen *band*, of hoogstens 'n toevallige of kunsmatige, tussen Christus en diegene wat Hy kom verlos het, bestaan nie. Skrifondersoek laat ons egter tot 'n ander slotsom kom. Alle mense het nl. gespruit uit een mensepaar, is uit een bloed gemaak (Gen. 3:20; Hand. 17:26); daarom staan daar ook geskrywe: “Soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het...” (Rom. 5:12). Maar as alle mense om rede van die sondeval van hul eerste bondshoof, Adam, in ellende gedompel is, is die moontlikheid ook gegee dat almal wat die tweede Bondshoof (wat in een Persoon nie net waaragtig God is nie dog ook waaragtige, regverdige mens) in die geloof aanneem, geregverdig kan word (1 Kor. 11:25; 15:45; 1 Tim. 2:5; 3:16; Joh. 1:14; 1 Joh. 3:5). Omdat Christus dan waarlik die menslike natuur aangeneem het en daar dus 'n organiese band tussen Hom en die gelowige is, en Hy Hom bowendien deur die aanneming van die menslike natuur onder die wet gestel het (Gal. 4:4) en die wet vervul het (Matt. 5:17), sê die Skrif ook: “Want as ten gevolge van die misdaad van die één die dood geheers het deur die één, veel meer sal hulle wat die oorfloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus” (Rom. 5:17).

Daar is derhalwe wel deeglik 'n hegte eenheidsband tussen die tweede Adam en diegene wat deur Hom geregverdig word. En hierby kom dat Christus nie maar 'n skynveroordeling ondergaan het nie. Inteendeel, Pontius Pilatus het die oordeel gevel nie as 'n private persoon nie, maar as regter, met 'n gesag waarmee hy van Godswêë bekleed was. Waar hy dus in die Naam van die Allerhoogste die Regverdige veroordeel — diepte van die raad van God! — is hier van geen kwytskelding sprake nie, maar word die reg van God onverbidlik gehandhaaf, wanneer die gelowiges as gevolg van die veroordeling van die Middelaar en sy dood en opstanding geregverdig word (vgl. Kuyper, *E Voto Dordraceno*, I, p. 411v.v.). Uit alle gesigspunte beskou, is die regverdigmaking dus waaragtig, eg, en God waardig. Daarom getuig die apostel Paulus ook: “God het Hom voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat vantevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God — om sy geregtigheid te toon in die teenwoordige tyd, sodat Hy self regverdig kan wees en kan regverdig maak wie uit die geloof in Jesus is” (Rom. 3:25, 26). So mooi word hierdie waarhede in *Die Nederlandse Geloofsbelydenis* gestel dat ons nie kan nalaat om daaruit aan te haal nie: “Ons glo dat God, wat volkome barmhartig en regverdig is, sy Seun gestuur het om die natuur aan te neem waarin die ongehoorsaamheid begaan is, om daarin te voldoen en te dra die straf van die sondes deur sy bittere lyde en sterwe. So het God dan sy regverdigheid getoon teenoor sy Seun toe Hy ons sondes op Hom gelê het; en Hy het sy goedheid en barmhartigheid oor ons uitgestort wat skuldig en doemwaardig was, aangesien Hy sy Seun vir ons in die dood gegee het deur 'n allervolmaakte liefde en Hom opgewek het tot ons regverdigmaking, sodat ons deur Hom die onsterflikheid en die ewige lewe deelagtig word” (Art. 20).

Daar bly nog die verdere vraag oor aangaande die juiste verhouding tussen die

regverdigmaking en die werke. Van dieselfde kant wat bogenoemde beswaar geopper word, en by name deur die Roomse Kerk, word geleer dat goeie werke van die mens self ten minste gedeeltelik die grond vir die regverdigmaking uitmaak. Dit druis egter in teen die duidelike uitsprake van die Skrif, soos die volgende wat vir geen misverstand vatbaar is nie: “Ons neem dus aan dat die mense geregverdig word deur die geloof sonder werke van die wet”; “. . . omdat ons weet dat die mens nie geregverdig word uit die werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof in Jesus Christus ...” (Rom. 3:28; Gal. 2:16a).

Dog die teenstanders beroep hulle ook op die Skrif en wys daarop dat bv. Dawid aanspraak maak dat hy regverdig is. Maar daarby laat hulle dan na om op die onmiddellike en verwyderde verbande te let en om die Skrif met Skrif te vergelyk; want indien hulle dit sou doen, sal dit gou vir hulle duidelik word dat dit daar altyd gaan oor ’n *bepaalde saak* ten opsigte waarvan hy sy onskuld staande hou. Daarom word so’n geregtigheid in die godgeleerdheid “saakgeregtigheid” genoem, in teëstelling met “persoonsgeregtigheid”. Verder, iemand kon onder die ou bedeling in nasionale, uitwendige sin regverdig heet, deurdadig die seremoniële wet trou betrag het, maar dit was nog geen saligmakende geregtigheid nie. Daarom bely dieselfde Dawid: “En gaan nie na die gereg met u kneg nie, want niemand wat leef, is voor u aangesig regverdig nie” (Ps. 143:2).

Ook op die Nuwe Testament beroep hulle hul, veral op die algemene brief van Jakobus; maar ten onregte. Indien Jakobus staande hou dat die werke noodsaaklik *is vir* die regverdigmaking, soos die Roomse voorgee, dan is hulle ook verplig om aan te neem dat die brief van Jakobus in stryd is met die briewe van Paulus; en dit sou dan, konsekwent geredeneer, hierop neerkom dat of Jakobus of Paulus ’n valsheid verkondig. Dog die hele Skrif is deur die Gees van waarheid ingegee en sodanige standpunt hou dus ten slotte lastering teen die Heilige Gees in. Dieper studie laat dan ook aan die lig tree dat Paulus en Jakobus mekaar nie weerspreek nie, maar dat hulle, soos Kuyper aandui, oor twee verskillende sake handel: Paulus behandel die vraag hoe ’n goddelose geregverdig voor God kan staan; Jakobus: hoe die mens wat deur God geregverdig is nou ook die werke doen wat daarby pas, sonder om neer te lê dat hierdie werke in Gods oë volkome of verdienstelik is. Immers, die Skrif leer duidelik dat selfs ons geregtigheid soos ’n “besoedelde kleeft” is (Jes. 64:6) en dat uit die werke van die wet geen vlees geregverdig word nie (Hand. 13:39; Rom. 3:20, 28; 8:3, 8; Gal. 3:11). Die geregtigheid wat die grond van ons regverdigmaking vorm, is nog in die geheel nog vir ’n deel uit ons werke, maar is louter ’n genadegawe, ja, is Jesus Christus self (Titus 3:5; 1 Kor. 1:30). Juis daarom is ons saligheid vas en onwankelbaar, en daarom kan ons met ’n Paulus roem: “Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat regverdig maak” (Rom. 8:33).

Uit bostaande is dit duidelik dat die gesegde wat ’n mens dikwels hoor dat elkeen deur sy eie geloof salig word, vals is. Nee, alleen die geloof in Christus regverdig en maak salig. Al sou iemand so vas in Mohammed of Boeddha glo dat hy sy lewe vir sy geloof sal aflê, dan sal hy nog nie daardeur gered word nie. In dié verband is die Skrifgetuienis sterksprekend: “En die verlossing is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam (as dié van Jesus Christus) onder die hemel wat onder die mense *gege* is, waardeur ons gered moet word nie” (Hand. 4:12). En ook hierin is genoemde gesegde vals dat dit glad nie die geloof as sodanig is wat salig maak nie, soos ons vroeër reeds terloops vermeld het. Hier het ons met ’n subtile of fyne dwaling te doen, waarvoor ook ons as Protestante (wat nie gevaar loop om in growwe, Roomse werkheiligheid te verval nie) op ons hoede moet wees. Selde word dit duidelik genoeg ingesien dat ook ons geloof geen verdienste besit nie, omdat ook dit bestaan in ’n verhouding tussen onse Hemelse Vader en ons ganse persoonlikheid, waaraan die smet van die sonde aan hierdie sy van die graf bly klewe. Dit sal goed wees om *Die Nederlandse Geloofsbelydenis* hier te laat spreek. In artikel 22, wat gaan oor ons regverdigmaking deur die geloof in Christus, lui dit (nadat beklemtoon is dat Hy geen “halwe Saligmaker” is wie se werk aanvulling nodig het

nie) as volg: “Daarom sê ons tereg met Paulus, *dat ons deur die geloof alleen of deur die geloof sonder die werke geregverdig word*. Maar, om duidelik te spreek, ons verstaan dit nie so dat die geloof self ons regverdig maak nie, want dit is maar ’n middel waardeur ons Christus, ons Regverdigheid, omhels. Maar Jesus Christus, wat ons al sy verdienste toereken en al die heilige werke wat Hy vir ons en in ons plek gedoen het, Hy is ons regverdigheid, en die geloof is ’n middel wat ons met Hom verbind in die gemeenskap aan al sy weldade wat, nou dat hulle ons eiendom geword het, vir ons meer as genoeg is om van ons sondes vrygespreek te word.”

Nou volg die samevatting: kragtens die regverdigmaking in die ewigheid en die soendood in die tyd, bied die Heilige Gees die uitverkorene in hierdie lewe o.a. die heilsweldade van die regverdigmaking aan, en hy omhels dit as sondaar deur die geloof. Alhoewel sy naam van alle ewigheid af as: “Geregverdigde” in die “Boek van die Lewe” opgeteken staan, begin dit vir hom, as wese wat in hierdie geskape werklikheid leef, pas in die tyd geld nl. van die oomblik dat hy dit deur die geloof aanneem. Sedertdien dateer ook uit die aard van die saak dié weldade ten opsigte van sy bewussyn. Hierdie regverdigmaking is geen regverdigverklaring wat buite die mens om gaan nie, terwyl daar ’n hegte, organiese band tussen die uitverkorenes en hul tweede Bondshoof en Middelaar bestaan. Hy het nl. die menslike natuur waarlik aangeneem en bowendien die wet vervul, en, nadat Hy veroordeel is in hulle plek, het Hy gesterwe, sodat hulle, met handhawing van Gods eer en reg, vrygespreek kan word. Die geregtigheid op grond waarvan ons regverdigmaking geskied, is dan ook nie vir ’n deel of in die geheel aan die werke van die mens self te danke nie, maar is ’n genadegawe van God in Christus. Die segswyse dat elkeen deur sy eie geloof salig word, behels derhalwe ’n valsheid. En dit is selfs nie sy geloof as sodanig waardeur die mens geregverdig word nie (want dit sou werkheiligheid inhou), maar sy regverdigmaking geskied deur Christus en word slegs deur die geloof, as die van God gegewe middel, aangeneem.

(f) Die Heiligmaking.

Daar is min sake wat in Gods Woord so sterk op die voorgrond staan as die heiligheid. Die naam “Heilige Skrif” is ook al kensketsend daarvan. Daarom wek dit nie ’n mens se verbasing dat daar oor die heiligmaking soveel geskryf, gespreek en ook gepreek word nie. Hieromtrent is daar onder Christene baie menigsverskil. Maar so behoort dit ten minste nie onder ons as Calviniste te wees nie, want ons belydenisskrifte laat op dié punt ’n heldere en duidelike geluid hoor. Waar ons nou in Skrif en belydenis ons ondersoek gaan begin, moet dit met ontblote hoofde en met die skoene van die voete af geskied, omdat ons hier ’n terrein betree wat in verband met die heiligheid van God self staan.

Die Hebreëuse woord, wat in die Afrikaans deur “heilig” vertaal is, is waarskynlik van ’n stam afgelei wat “afsny” of “afsonder” beteken. In die eerste plek is God heilig, veral ook hierin dat Hy hoegenaamd geen gemeenskap met die sonde het nie (Jes. 5:16; 6:2-7); voorts is Hy heilig in sy hele openbaring (Eseg. 36:23; Ps. 105:42; Dan. 11:28), insonderheid in Christus, wat die Heilige is (Mark. 1:24; Luk. 1:35). Verder word heiligheid toegeskryf aan alles wat van die wêreld afgesonder en aan die Here gewy is (Ex. 19:6; 29; Lev. 11:44; 19:2). En as die Here van sy uitverkore volk eis: “Toon dan dat julle heilig is en wees heilig, want Ek is heilig” (Lev. 11:44), sal die gevalle mens, in wie God deur sy Gees ’n sondebeseft gewerk het, verstaan dat hy hom hiervoor alleen op die genade van God kan verlaat.

Die heiligmaking is dan ook, soos al die ander heilsweldade, ’n genadegawe van God (vgl. *Heid. Kategismus*, vraag 60). Uit die Ou Testament blyk dit reeds dat dit die Verbondsgod is wat sy volk heilig (Ex. 31:13; Lev. 20:8; 21:8). In sy hoëpriesterlike gebed vra onse Here Jesus: “Heilig hulle in u waarheid” (Joh. 17:17). Aan die Thessalonicense voeg Paulus die seënbede toe: “En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak . . . !” (1 Thess. 5:23; vgl. ook Eseg. 36:25-27; Ef. 2:10). Verdere Skrifondersoek laat uitkom dat die heiligmaking

heeltemal buite ons om in Christus gereed lê, en dat die wedergeborenes dit in Hom deelagtig word (1 Kor. 1:2, 30; Ef. 5:25-27; Hebr. 13:12). Dat dit 'n genadegawe is, sal goed verstaan word as bedink word dat vroegsterwende kindertjies, wat nooit tot bewuste geloof en bekering gekom het nie, ook deur hierdie weldaad van erfsmet moet gereinig word om die ewige lewe te kan beërwe. Almal wat hul kindertjies laat doop, erken voor God en die gemeente op die eerste vraag wat in die formulier aan hulle gestel word, dat die suigeling "in Christus geheilig is . . .". "By dié kinders kan die heiligmaking uiteraard niks anders wees as 'n blote gawe van God Drie-enig nie. Omdat die heiligmaking in beginsel dan ook aan alle wedergeborenes geskenk is, kan Paulus dieselfde mense wat hy bestraf oor hul sonde "heiliges" noem (1 Kor. 1:2; 5; 6:11). Dié gawe van die heiligmaking word die wedergeborenes se deel deur die werking van die Heilige Gees (Rom. 15:16), wat in die harte van die gelowiges as tempel van God woon.

Uit wat ons gekonstateer het onder die hoof "Roeping", sal onthou word dat God sy seëninge in die reël in geslagte laat vloei. Hy het Abraham geroep en sy nageslag as bondsvolk verkies. Maar liggaamlike afstamming is nog geen waarborg dat ons deel het aan die saligheid nie. Baie van die kinders van Abraham na die vlees het ten tye van die vleeswording van die Woord juis nie die diepere betekenis van die heiligmaking as innerlike reiniging ingesien nie, en het dit vereenselwig met uiterlike wetsbetragting. Toe het dit God behaag om sy geslagte uit alle volke te kies. So het Hy ons ook hier in Suid-Afrika gestel as die nasate van die vrome Hervormers, en dit moet ons tot innige dankbaarheid stem. Maar teweens moet dit ons tot groot waaksaamheid oor ons geestelike erfoed, waarvoor ons verantwoordelikheid dra, aanspoor, sodat ons nie uitgewerp word en die heidene (want God roep wel in die reël maar nie altyd uit verkore geslagte nie) ons voorgaan in die koninkryk van die hemele nie.

So het ons vanself daartoe gekom om die heiligmaking ook te sien as iets waartoe ons geroep word — nee, nog sterker: wat ons *beveel* word; "Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie" (Hebr. 12:14; vgl. ook Rom. 6:19; 2 Kor. 7:1; 1 Thess. 3:13; 4:3; 1 Pet. 1:15; 2 Pet. 3:11). Maar nou moet ons baie versigtig wees. Hier het ons 'n punt bereik waar baie Protestante die verkeerde weg inslaan, nl. dié van die werkheiligheid. Die verdorwe mens wil maar elke geleentheid aangryp om, al is dit dan net vir 'n deeltjie, sy eie heil uit te werk. Hy sal erken: "Ek is uit vrye genade wedergebore, geroep, bekeer, tot die geloof gebring, geregverdig; maar wat die heiligmaking betref, moet ek darem 'n hand bysit; hier hang dit nou van myself af of ek heilig in gedagtes, woorde of werke is. Waarom skryf die apostel dan: "Want ons is medewerkers van God . . ."? (1 Kor. 3:9.)

Wie so redeneer, is van die spoor van die waarheid af. Hy doen te kort aan die werk van Christus en stel sy eie werk in die plek daarvan, om sodoende die regverdigmaking deur die heiligmaking te verdring. Dit is 'n valse voorstelling wat die heiligmaking wetties opvat, want dit offer die genade op aan reël op reël en gebod op gebod. Die mens wat vry is onder die genadeverbond, maak van homself weer 'n slaaf onder die werkverbond, onder die inbeelding dat hy homself heilig of allens heiliger maak. Die grondwaling waarmee ons hier te doen het, is dié wat in die kerkgeskiedenis die sinergisme genoem word — 'n woord wat medewerking, nl. van die sondaar (al is dit die sondaar wat genade ontvang het) met God, beteken. Nou kan ek my goed voorstel dat iemand die billike vraag sal stel: "Hoe moet ons dan die woorde wat hierbo aangehaal is: 'Want ons is medewerkers van God' verklaar?" Hierop kom dit juis aan.

In ons Skrifverklaring moet ons al die lig wat die Skrif in sy geheel versprei oor 'n duistere saak as 't ware in een brandpunt saamtrek. En pas ons dié metode toe, dan word dit meteens duidelik dat, terwyl God die almagtige Skepper is en ons die nietige skepsels, Hy die hoogverhewe Soewerein is en ons die nederige onderdane, ja nog meer, Hy die Absolute, Selfgenoegsame is wat in niks vir sy volkome bestaan of geluksaligheid van die skepping of enige deel daarvan afhanklik is nie en ons in alles van Hom afhanklik is, daar geen sprake kan wees van

gelykskakeling tussen Hom en ons asof Hy een deel doen en ons die ander nie. God en mens werk nooit op een peil nie, en alleen hy, wat nie 'n oog vir die majesteit van God het nie, besef dit nie.

Verder moet hy wat die Skrif wil verklaar ook altyd die onmiddellike verband terdeë in aanmerking neem, en doen ons dit, dan blyk onteenseglik dat Paulus die algehele ondergeskikte plek van die mens as werker sterk laat uitkom, bv. “So is dan hy wat plant of hy wat natmaak, *niks nie, maar God wat laat groei*” en ook aan sy dienaars loon gee (vv. 7, 8). Daarom sê Calvin in sy verklaring van hierdie vers dat ons daarby moet dink aan “wurms van die stof wat God as sy *instrumente gebruik*, en dat die Roomse grootliks dwaal deur hierdie woorde aan te voer om hul leer van die vrye wil te rugsteun. Prof. Grosheide, die welbekende Skrifverklaarder, skryf in verband met dié uitdrukking: “Wij zijn slechts dienaren, God is het, Die het eigenlijke werk doet.” Dit is nie so dat God 'n deel van die werk doen en ons dan die res doen nie: Hy doen alles, maar sy allesomvattende beskikking en werksaamheid sluit nie die mens se selfwerksaamheid uit nie, dog bring dit mee, terwyl Hyself die mens *met 'n verantwoordelike bewussyn geskep* het (Filip. 2:12 en 13).

In dié lig beskou, word dit dan duidelik waarom die Skrif, aan die een kant, sê dat dit die Verbondsgod is wat sy volk heilig, maar dat Hy hulle, aan die ander kant, ook beveel om heilig te wees (Lev. 20:7 en 8). Dit kan alleen geskied terwyl God in die werk van die herskepping, net soos by die skepping, die inisiatief geneem het, en deur sy genade die natuur nie vernietig nie, maar herstel. Omdat die sondaar uit genade tot waaragtige bekering gekom het, kan in die voortgesette bekering die voortdurende, heiligende werksaamheid van die verhoogde Heiland uit die hemel deur sy Gees in die gelowige volbring word; en dit bring juis ook mee dat hy, soos nooit anders die geval kon wees nie, die heiligmaking met alle krag aktief sal nastrewe.

Die betekenis van die sedewet, die Tien Gebooie, vir ons wat onder die Nuwe Bedeling lewe, tree nou ook aan die lig. Terwyl alles genade is, dwaal die wetsdrywers of nomiste, *soos* die Roomse en Arminiane, wat deur nakoming van die Wet van die Here hulself in groter of geringer mate deur hulle goeie werke voor God verdienstelik wil maak. Christus het nie alleen die Wet in die plek van die uitverkorenes vervul nie (Matt. 5:17), maar daar staan van hulle selfs geskrywe dat hulle “sy maaksel (is) geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel” (Ef. 2:10). Aan die anderkant verval ook diegene wat die sedewet heeltemal opsy wil skuiwe (die antinomiste) in growwe dwaling. Die Christelike vryheid is nie bandeloosheid nie. Nee, die Wet van God is heilig en goed en geestelik (Rom. 7:12, 14). Daarom word dit ook nog elke Sondag aan ons voorgehou. Waarin is dan die ware betekenis van die Wet vir u en my as Christen geleë? Hierin, dat dit vir ons reël van dankbaarheid is, waarvolgens ons op die weg van die heiligmaking in die liefde moet wandel.

Voorts *is* dit nodig om die karakter van die heiligmaking nader te bespreek. Hierdie heilsweldaad dra eintlik 'n dubbele karakter wat gewoonlik beskryf word as die afsterwing van die oue mens en die oplewing van die nuwe mens. Ons bepaal ons eers by die doding van die oue mens. Hy word in die Skrif geteken as “die liggaam van die sonde” (Rom. 6:6), “die vlees” (Rom. 8:6 en 7), “julle lede wat op die aarde is, naamlik hoerery, onreinheid, hartstog, slegte begeertes en gierigheid, wat afgodediens is”. En dan word dit die gelowige opgelê om hierdie lede dood te maak (Kol. 3:5). Dit is om waarlik Christen te wees gebiedend-noodsaaklik dat ons oue mens gekruisig moet wees (Rom. 6:6); dat hy met sy werke afgelê moet word (Ef. 4:22; Kol. 3:9). By die lig van Gods Woord ontdek hy hoe langer hoe meer die vuile en sondige van sy innerlike sielsbestaan, die algehele verdorwenheid van sy natuur, en dit moet gekruisig, afgelê word. Daardie sondige self met al wat dit behels (die besmette gedagtes, wil en gevoel) moet verloën word, as die mens 'n volgeling van Jesus wil wees. En as ons onder die besef van

die swakheid ons onmag hiertoe verklaar, dan wys die *Kategismus* ons in vraag 43 daarop dat ons ook dit “uit die offerande en die dood van Christus aan die kruis” verkry “dat deur sy krag ons oue mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe word, sodat die bese lyste van die vlees in ons nie meer regeer nie, maar dat ons onself aan Hom as ’n offerande van dankbaarheid kan toewy.”

Namate die oue mens afsterwe, lewe die nuwe mens op. Die Skrif spreek dan ook in dieselfde volsin daarvan dat die gelowiges “die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan . . . en julle met die nuwe mens moet bekleed wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid” (Ef. 4:22 en 24). Die sonde het naamlik al die hebbelikhede en werke van die mens besoedel en al die verhoudinge waarin hy tot God en die medemens staan, verwring en ten dele selfs heeltemal omgekeer. Gedurende die heiligmaking word die aweregse werking van die ingeskape lewenskragte weer allens teruggebring na hul oorspronklike bestemming. (Vgl. Kuyper, *Dictaten, De sanctificatio*, p. 133.) Dié oplewing van die nuwe mens kan alleen geskied indien daar voortdurende lewensgemeenskap met die verhoogde Heiland bestaan; met ander woorde, dit is geleë in die gesonde mistieke unie wat deur Gods Woord en Gees tussen die Christus en die Christen gewerk en lewendig gehou word.

Op hierdie stadium is dit nodig om die onderskeid tussen die regverdigmaking en die heiligmaking skerper te teken. Soos geblyk het met die behandeling van eersgenoemde, het ons daar te doen gehad met ’n *regtelike daad*, wat ons *staat* van *skuld* voor God betref en in *een oomblik* voltrek is. Die heiligmaking is egter, soos ook al uit die voorafgaande geblyk het, ’n *etiese proses*. Die mens staan nie alleen skuldig voor God nie, maar hy verkeer ook in ’n *toestand* van *sondesmet*. En ook van hierdie inklewende melaatsheid van die sonde moet hy (behalwe in die geval van vroegsterwende kinders) *mettertyd* gereinig word. Gelyktydig hiermee vind die oplewing van die nuwe mens plaas, van wie die ontvangenis dateer sedert die wedergeboorte, en wat (net soos in die natuurlike lewe) as ’n geestelik klein en swak kindjie, van die bewuswording in die prinsipiële bekering af, voortdurend “moet toeneem in die genade en kennis van onse Here en Verlosser, Jesus Christus” (2 Pet. 3:18). Hierdie groeiproses word dan uit die aard van die saak nie net deur die innerlike sondesmet vertraag nie, maar ook deur die sondige omgewing, veral in die worstelstryd teen die Bese (Ef. 6:12), gestrem.

Dit is ook vanself sprekend dat hierdie proses by verskillende nature en na gelang van omstandighede sal verskil. By sommige sal daar ’n meer gestadige ontwikkeling wees; by ander sal daar selfs maande van winterkoue en tydperke van dorheid wees; maar hierin sal die waaragtige wedergebore mens in wie God ’n goeie werk begin het, nooit blywend berus nie. En hierop mag besondere groei weer volg. Oor die algemeen genome kan gesê word dat die proses van die heiligmaking deur ’n stygende lyn kan aangedui word, maar dan nie ’n reguit lyn nie, dog ’n kronkelende met sy hoogtes en dieptes, waarvan die grootte by verskillende mense verskil en selfs in dieselfde mense van tyd tot tyd wissel.

Daar is een sy van die waarheid wat in dié verband nog nadruk verdien, juis omdat dit so dikwels nie ingesien word nie, nl. dat die mens ook gedurende die heiligmaking nog deur die geloof wandel, en dat heiligheid nie werktuiglik in die mens ingestort word nie. Die geloof dien nie net tot regverdigmaking en daarmee is sy rol vervul nie; ook op dié pad van die heiligmaking sou ons sonder die geloof nie een skrede vorder nie. Soos dit van daardie heilige man Henog waar was, so is dit ook vandag van elkeen wat die heiligmaking najaag waar, dat dit sonder die geloof onmoontlik is om God te behaag (Hebr. 11:5, 6). In artikel 24 van *Die Ned. Geloofsbelydenis* waarin dit oor die heiligmaking en die goeie werke gaan, lui dit o.a.: “So is dit dan onmoontlik dat hierdie heilige geloof werkloos in die mens kan wees, aangesien ons nie van ’n ydele geloof spreek nie, maar van so een wat die Skrif noem ’n *geloof wat deur die liefde werk*, wat die mens beweeg om hom te oefen in die werke wat God in sy Woord beveel

het.” En as ons wil weet in hoever ons ’n geloof besit wat in die liefde werksaam is, dan moet ons Gal. 5:22 weer met groot erns lees en onself daaraan getoets, afvra tot watter mate ons lewe die deugde van God in hierdie wêreld, wat in die mag van die Bose lê, verkondig.

Die vraag wat nou ons aandag verdien is: Kan die mens aan hierdie sy van die graf slegs ten dele of ten volle die heiligheid deelagtig word? Ons moenie meen dat ons hier met ’n vraag te doen het wat vir die eerste keer in ons dae gestel word nie; intendeel, dit is ook ’n skitterende voorbeeld daarvan dat die woord van die prediker waar is: “. . . daar is glad niks nuuts onder die son nie” (Pred. 1:9). Die dwaling van die perfeksionisme, wat leer dat die mens in hierdie lewe volkome heilig kan wees, wortel reeds in die oppervlakkige sondeleer van die ketter Pelagius, wat aan die begin van die vyfde eeu n.C. geleef het. Hy het o.m. teen die leer van die erfsonde opgekom, en beweer dat die mens nie ’n verdorwe natuur het nie, maar dat elke aparte daad sondig is, al dan nie. Verder het hy prontuit gesê dat die mens deur die navolg van die goeie voorbeeld van Christus sondeloos kan wees. Teen hierdie dwaalleer het die kerkvader Augustinus hom met krag verset en die Skriftuurlike leer van die erfsonde en die *staat* van verdorwenheid van die mens (teenoor die aparte daadsondes) gehandhaaf. Beide manne het navolging in die Christelike Kerk gevind. By Wesley werk die leer van Pelagius bv. in getemperde vorm na; en in die Gereformeerde belydenisskrifte kom die gedagtes van Augustinus weer tot uitdrukking.

Teen die dwaling van die perfeksionisme kom ons belydenisskrifte sterk op. In artikel 24 van *Die Ned. Geloofsbelydenis* lees ons: “Want ons kan geen werk doen nie, of dit is besmet deur ons vlees.” Aan die begin van die vyfde hoofstuk van *Die Dordtse Leerreëls* lui dit: “Diegene wat God na sy voorneme roep tot die gemeenskap van sy Seun, onse Here Jesus Christus, en deur die Heilige Gees wederbaar, hulle verlos Hy wel van die heerskappy en slawerny van die sonde, maar Hy verlos hulle in hierdie lewe nie geheel en al van die vlees en die liggaam van die sonde nie. Hieruit spruit voort die daaglikse sondes van swakheid, en ook aan die allerbeste werke van die heiliges kleef gebreke. Dit gee hulle gedurigdeur rede om hulle voor God te verootmoedig, hul toevlug tot die gekruisigde Christus te neem, die vlees hoe langer hoe meer deur die Gees van die gebed en deur heilige oefeninge van godsvrug te kruisig, en na die eindpaal van die volmaaktheid so lank te smag totdat hulle, ontbonde van hierdie liggaam van die sonde, in die hemele met die Lam van God sal regeer.”

Selfs die besadigde *Heidelbergse Kategismus* tree in dié verband baie beslis op met betrekking tot die laaste gebod — die gebod wat na, die wortel van die saak afdaal en ook die sondige begeerte waaraan niemand ontkom nie, veroordeel — word die vraag gestel: “Wat eis die tiende gebod van ons?” Die antwoord lui dan: “Dat ook die geringste lus of gedagte teen enige gebod van God nooit in ons hart mag opkom nie, maar dat ons van alle sondes altyd van ganser harte vyande moet wees en in alle geregtigheid behae moet hê” (vr. 113). Hierdie woorde getuig daarvan dat die opstellers van ons ou leerboek ’n heiligheidsbesef gehad het. En dit het die perfeksioniste juis nie. Hulle verstaan nie die diepte van gedagte wat daar in die woorde van die psalmis geleë is nie wanneer hy sê: “Aan alle volmaaktheid het ek ’n einde gesien, maar u gebod is baie wyd” (Ps. 119:96). Omtrent dié slag van mense skryf Kuyper: “Zij perken Gods wet willekeurig af. Zoveel als zij er in zien, zal al de inhoud van de wet zijn. Wat zij *niet* in die wet zien, bestaat niet. En daarom moeten ze van Christus nog leeren, om de *oneindige* geestelijke strekking van die Goddelijke wet te leeren verstaan Ze wanen haar omtrek te zien, en omdat zij nu tot aan dien omtrek voortschreden, roepen ze triomfantelijk uit: ‘Ik ben er. Ik heb Gods wet volbracht. Ik ben vrij van zonde.’” (*E Voto*, IV, p. 294.) Hierdie dwaling sny die *Kategismus* dan by die wortel af in die volgende vraag en antwoord: “Maar kan diegene wat tot God bekeer is, hierdie geboorte ten volle onderhou?”, “Nee, maar ook die allerheiligstes het maar ’n klein beginsel van hierdie gehoorsaamheid solank as hulle in hierdie lewe is . . .” (vr. 114; vgl. ook vr. 60).

Ja, die stryd duur voort tot by die dood. Daarom spreek dieselfde leerboek ook van “my sondige aard waarteen ek my hele lewe lank moet stry” (vr. 56), en van “ons dood” as “n afsterwing van die sondes en ’n deurgang tot die ewige lewe” (vr. 42). Baie mooi stel Calvyn dit ook: “En hierdie vernuwing word nie op een oomblik, of dag, of jaar volbring nie, maar deur voortdurende, ja soms ook langsame voortgang wis God die verdorwenhede van die vlees in sy uitverkorenes uit; Hy reinig hulle van hul vuilheid, en heilig hulle vir Hom as tempels, terwyl Hy al hulle sinne vernuwe tot ware suiwerheid, sodat hulle hul gedurende hul hele lewe oefen in boetvaardigheid, en mag weet dat hierdie krygsdiens geen einde vind dan in die dood nie’ (*Inst.*, III, 3, 9.)

Duidelik wys ons belydenis ons dus die weg aan wat ons ook met betrekking tot die saak van die heiligmaking in ons Skrifstudie moet bewandel. Die dwaling in verband daarmee spruit vir ’n groot deel sekerlik daaruit voort dat die genoemde leerboek (of die *Kort Begrip*) met die katkisasie veels te werktuiglik geleer word. Die jongmense gryp nie die *Skrifbeginsels* wat daarin vervat is nie, en is nie in staat om dié beginsels uit te lig uit die vraag-en-antwoord-vorm en in die Skrifondersoek en praktiese lewe te laat geld nie. En bowendien word die leerboek wat rigtinggewend moet bly in dié opsigte vir elke lidmaat, op die boekrak geplaas en in baie gevalle nie weer afgeneem voordat die volgende geslag wil “vrae leer” nie.

Die dwaasheid hiervan kan vergelyk word met iemand wat ’n onbekende landstreek, wat met paaie deurkruis is, gaan bereis en sy roeteboek tuis laat bly. In plaas van gebruik te maak van die inligting en kaarte wat kenners vir hom beskikbaar gestel het, verontagsaam hy die gids en kies self koers, met die gevolg dat hy later so hopeloos verdwaal raak dat hy nie meer weet of hy noord- of suidwaarts reis nie. Presies so is dit gesteld met ongeskoolde lesers wat die Bybel (wat afgesien van die eerste beginsels van die heilsweg nie maklik is om te verstaan nie) opneem, sonder om die leiding van die Heilige Gees, soos in die belydenisskrifte neergelê, te eerbiedig.

In dié lig wil ons tans ’n paar van die Skriftuurplekke wat gewoonlik deur perfeksioniste ter stawing van hul sienswyse aangevoer word, gespreek. Die eerste wat ons in oënskou wil neem, is 1 Thess. 5:23: “En mag Hy, die God van die vrede julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus!” In verband met die woorde: “Volkome heilig” is die beslissende vraag. Wanneer geskied dit? En daar is net een antwoord op, soos uit die voorafgaande blyk: met die sterwensoomblik. Hierop kan die perfeksioniste hulle dus nie beroep om “volkome heiligheid” voor die moment van die dood te bewys nie. Net so min kan hulle die woord “onberispelik” aanwend, terwyl die grondteks aantoon dat dit met “bewaar” en nie met “gees en siel en liggaam” saamgaan nie. Dit dui op die onberispelike wyse van bewaring (d.w.s., teen alle oordeel), nie *tot* nie, maar “*by* die wederkoms”.

Dikwels word 1 Joh. 3:9 ook deur perfeksioniste aangehaal, waar daar staan: “Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore.” Johannes wil hier nie sê dat elkeen wat deur die werking van die Heilige Gees wederbaar is, sondeloos is nie. Immers, aan die begin van die brief het hy juis gewaarsku: “As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie ... As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot leuenaar en is sy woorde nie in ons nie” (1 Joh. 1:8, 10). Maar wat Johannes bedoel, is presies dieselfde as wat Paulus in Rom. 7 konstateer: “Maar as ek doen wat ek nie wil nie, dan doen ek dit nie meer nie, maar die sonde wat in my woon.” Dus, die bekeerde sondig nooit wetens en willens nie, maar alleen as hy deur die sonde oorrumpel word. Dat Johannes met die woorde: “En hy kan nie sondig nie”, nie wil te kenne gee dat die wedergeborene hom ook maar aan geen enkele sonde kan skuldig maak nie, blyk daaruit dat hy in die oorspronklike die teenwoordige vorm van die werkwoord gebruik,

wat beteken: hy kan nie voortsondig, d.i. sonder berou, nie. Het Johannes bedoel dat hy glad nie in sonde kon val nie, sou hy, soos kenners van die Griekse taal sal weet, die ooreenkomstige verlede vorm van die werkwoord gebesig het (vgl. S. Greijdanus, *Korte Verklaring der Heilige Schrift*, p. 80).

Ons sal nog een teks behandel waarop perfeksioniste hulle graag beroep, nl. Matt. 5:48: “Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is.” Hier vind die genoemde dwaalleer ook maar oënskynlik Skriftuurlike steun, soos dadelik blyk as ons die lig van die ganse Skrif hierop saamtrek. In die eerste plek kan die woord “volmaak” nooit dieselfde betekenis ten opsigte van die mens en van God, onderskeidelik, hê nie. Leer die Skrif ons dan nie dat God die Oneindige, Almagtige, Selfgenoegsame is wat in alle opsigte absoluut volmaak is en die mens eindig, swak en afhanklik is nie! Selfs sal hy in die staat van verheerliking eindig bly en nooit volmaak wees in die sin wat die oneindige God dit is nie. Bowendien het ons hier met ’n gebod, ’n norm, te doen, net soos in die geval van die Wet van die Here. En sulke norme word altyd in volstreekte taal gestel: onvoorwaardelik en sonder enige toegewings — sonder dat die veronderstelling is dat die gevalle mens hulle kan nakom. Waar God die mens sonder sonde geskape het, het Hy seker die reg om volstreekte gehoorsaamheid van hom te eis. Maar juis omdat hy in die sondige toestand daar nie aan kan voldoen nie, het Christus gekom om die Wet te vervul. Die perfeksionisme kan derhalwe nie beweer dat, omdat Christus ons gebied om volmaak te wees, ons dit ook inderdaad kan wees nie.

Af gesien van die baie voorbeelde van tere kinders van God wat tog weer in sonde geval het: Abraham, Moses, Dawid, Petrus (hy het nie alleen die Here verloën nie, maar ook na die Pinksterdag het hy “geveins” — Gal. 2:11 vv.), Paulus (daar was volgens Hand .15:39 bitterheid in sy hart), is daar ook baie uitsprake in die Woord van God wat die onhoudbaarheid van die perfeksioniste in die lig stel. Ons begin met Rom. 7, omdat dit so vernietigend vir genoemde dwaling is. As Paulus moet skryf: “Want ons weet dat die wet geestelik is, maar ek is vleeslik, verkoop onder die sonde. Want wat ek doen, weet ek nie; wat ek wil, dit doen ek nie, maar wat ek haat, dit doen ek” ens. (Rom. 7:14 w.), wie sal dan nog so vermetel wees om vol te hou dat hy geen sonde doen nie! “Maar,” so antwoord die perfeksionis, “toe Paulus Rom. 7 geskrywe het, was hy nog geen wedergebore mens nie!” Dog hierin tas hy mis, want niemand wat nie wedergebore is nie, “verlustig” hom “in die wet van God na die innerlike mens” (Rom. 7:22) soos Paulus omtrent homself getuig; voorts, hy spreek van “Jesus Christus, onse Here” (vers 25), en 1 Joh. 5:1 leer uitdruklik: “Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore.” Nee, dit is nie Saulus van Tarsus wat hier spreek nie, maar die wedergebore en bekeerde Paulus, wat erken dat hy nog lank nie die volmaaktheid bereik het nie. *Op sy ou dag* skryf hy: “Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag dit na of ek dit ook kan gryp, omdat ek ook deur Christus Jesus gegryp is” (Filip. 3:12).

Verdere Skrifbewyse wat teen die perfeksionisme kan ingebring word, is die volgende: in die aangrypende gebed van Salomo by geleentheid van die inwyding van die tempel, kom hierdie woorde voor: “Want daar is geen mens wat nie sondig nie” (1 Kon. 8:46); in die Spreuke herhaal hy dieselfde gedagte: “Wie kan sê: Ek het my hart suiwer gehou, ek is rein van my sonde?” (Spr. 20:9). Christus leer al sy volgelinge sonder uitsondering in die modelgebed smeek: “En vergeef ons ons sondes” (Luk. 11:4); Jakobus skrywe: “Want ons almal struikel dikwels” (Jak. 3:2). Hoe kan dit ook anders wees? As ons met die bekering op ons knieë val op daardie weg van die dood wat ons eiewillig ingeslaan het, en daar opstaan en ons aangesig nou na die Vaderhuis rig, dan is ons ver daarvandaan; en die weg daarheen lei deur dié wêreld heen met al sy sondes en verleidinge. Immers, ons omgewing is en bly onvolmaak tot met die herskepping van alle dinge. Ons sou ontuis wees op aarde as ons volmaak is. Dit was nou eenmaal nie die wil van God om ons deur een magsdaad heilig te maak nie, maar om langamerhand die verdorwe natuur te herstel: ons steeds meer te laat *word* wat in in Christus

is. Mede-Christen, moet dus nie mismoedig word wanneer u nog skaduwees in u lewe opmerk wat deur sondes gewerp word nie. Verbly u veeleer in 'n lewende sondebeseft — dit is alleen die lig van die heiligheid van God wat daardie skaduwees vir u by wyse van teëstelling herkenbaar maak — en berus dan nie in die sondes nie, maar worstel met u God om groter heiligmaking!

Vra Hom om te verhoed dat u boesemsondes in u maar slegs 'n skyndood ondergaan. Waak teen u eie verdorwe natuur, wat nog nie gereinig is van die smet van die sonde nie; maar dank God ook terselfdertyd dat die sonde nie meer oor u *heers* nie.

Daar is nog een onderdeel van die perfeksionisme waarop kortliks gewys moet word, en dit is die leer van die sogenaamde “second blessing”. Hiermee word bedoel 'n tweede seën, wat in sommige gevalle, so word beweer, lank na die weldaad van die regverdigmaking in een oomblik plaasvind. Dit sou die gevolg wees van 'n stap wat in die geloof gemaak word en waardeur die mens volkome van die ou verdorwe natuur verlos word, sodat “tekortkominge” wat daar nog wel by hom mag wees, nie daaruit voortkom nie. Solank as die kind van God hierdie stap nie doen nie, voer hy 'n kwynende geestelike bestaan en kan hy nie spreek van 'n oorwinnende lewe nie. Die grondwaling van hierdie beskouing is daarin geleë dat die aard van die heiligmaking as geleidelike groeiproses totaal misken word, en met dié van die oombliklike daad van die regverdigmaking verwar word. Bowendien word die heiligmaking op ongeoorloofde, werktuiglike wyse van die regverdigmaking geskei en per slot van rekening word — om in die taal van die godgeleerdheid te spreek — “Christus gedeel”. En dit mag nie geskied nie! Die heilsweldade bestaan en staan nie apart van Christus en van mekaar nie, maar alle gelowiges ontvang Christus en mitsdien alle heilsweldade in Hom. Die Skrif weet nie van 'n aparte weldaad van die “second blessing” wat slegs sommige ontvang nie. Met betrekking tot die heiligmaking is daar slegs *graadverskil* by sommige is die geestelike groei baie weliger as by ander.

Dat die perfeksionisme met die heiligmaking erns maak, is prysenswaardig; en hierdie rigting, soos iemand tereg gesê het, staan seker hoër as die “imperfeksionisme”, wat aan die sonde vrye teuels wil gee. Maar ook die perfeksionisme het sy gevare, wat daaruit spruit dat dit verder wil gaan as wat die Skrif reg verleen. Die gevolg van hierdie eiewilligheid van godsdiens is dat talle van ernstige mense tot wanhoop gedryf word en gevolglik in die sonde terugval, terwyl hulle verplig is om te erken (as hulle eerlik wil wees) dat hulle nog na die vermeende “second blessing” “met die vlees die wet van die sonde” dien (Rom. 7:26; vgl. ook *Ned. Geloofsbelydenis*, art. 24.)

In nou verband met die leer van die heiligmaking staan die leer van *die volharding van die heiliges*, wat volhou dat hulle wat deur Christus geregverdig is en dus ook in Hom geheilig is, nooit kan verlore gaan nie. Hierdie volharding is dan ook geen aparte genadegawe nie, maar lê in die weldaad van die heiligmaking beslote.

So heftig is dié leer egter teëgestaan dat daar in *Die Dordtse Leerreëls* 'n spesiale hoofstuk aan gewy word. Wat die dwaalleer toe gehandhaaf het, staan dit vandag nog voor: “Dat die ware gelowiges en wedergeborenes nie alleen uit die regverdigmakende geloof en ook uit die genade en die saligheid geheel en al en tot die end toe kan uitval nie, maar ook dikwels inderdaad daar uitval en in der ewigheid verlore gaan” (*Die Dordtse Leerreëls*, Verwerping van die dwalinge, V, 3).

Uit die oorvloedige weerlegging van hierdie dwaling wat deur die vaders gegee is, sal ons net so 'n paar grepe maak: “Want hierdie mening maak die genade, regverdigmaking, wedergeboorte en voortdurende bewaring van Christus kragteloos; teen die uitdruklike woorde van die apostel Paulus: *Dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was; veelmeer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn* (Rom.

5:8, 9) . . . En ook teen die woorde van Jesus Christus: *Ek gee my skape die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie. My Vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie* (Joh. 10:28, 29).” Verder word o.a. gewys op 1 Kor. 10:13: “Maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra”; op 1 Joh. 5:18, waar omtrent die wedergeborene geskryf staan: “En die Bose het geen vat op hom nie”; en op Joh. 17:15(b), waar Christus vir die uitverkorenes bid: “Dat U hulle van die Bose bewaar.” Indien dit van die mens self afhang, sou hy uit die geloof en die genade uitgeval het en in dié val gebly en verlore gegaan het, maar omdat dit van God afhang, “kan dit glad nie gebeur nie, omdat sy raad nie verander, sy belofte nie gebreek, die roeping na sy voorneme nie herroep, die verdienste, voorbidding en bewaring van Christus nie kragteloos gemaak en ook die verseëling van die Heilige Gees nie verydel of vernietig kan word nie.” Immers, al sou hulle val, “bewaar Hy nog in hulle by so’n val sy onverderflike saad waaruit hulle wedergebore is” en “vernuwe Hy hulle sekerlik en kragtiglik deur sy Woord en Gees tot bekering” (aangehaalde werk, hfst. V).

Uit hierdie laaste woorde blyk terloops dat die Dordtse vaders goed ingesien het dat Hebr. 6:4—8 — wat spreek van die onmoontlikheid om diegene “wat eenmaal verlig geword het (d.w.s. insig in die waarheid gehad het) en die hemelse gawe gesmaak (let op dié woord: geproe) en die Heilige Gees deelagtig geword het (soos bv. ’n Saul, 1 Sam. 10:6) en die goeie woord van God gesmaak het (vgl. hulle by wie die saad op rotsagtige plekke val, Matt. 13:20 en 21) en die kragte van die toekomstige wêreld, hulle wat nl. iets daarvan ondervind het) en afvallig geword het — om dié weer tot bekering te vernuwe” — nie op die wedergeborenes slaan nie, maar op hulle wat nooit wederbaar was, hulle nie waarlik bekeer het nie en teen die Heilige Gees gelaster het (vgl. Bavinck, *Geref. Dogmatiek*, IV, p. 255 vv.).

Die teëstanders gaan egter verder en beweer: “Dat die leer van versekerdheid van die volharding en van die saligheid uit sy eie aard en natuur ’n oorkussing van die vlees en vir die godsvrug, goeie sedes, gebede en ander heilige oefeninge skadelik is.” Aan hulle is die antwoord van die vaders: “Dat hulle die krag van die goddelike genade en die werking van die inwonende Heilige Gees nie ken nie. En hulle weerspreek die apostel Johannes wat die teendeel met uitdruklike woorde in sy eerste sendbrief leer ... (1 Joh. 3:2, 3). Bowendien word hulle weerlê deur die voorbeelde van die heiliges van die Ou sowel as die Nuwe Testament, wat, alhoewel hulle van hulle volharding en saligheid seker was, nogtans in die gebede en ander oefeninge van die Godsaligheid standvastig gebly het.”

Dié positiewe uiteensetting van die waarheid sluit die Dordtse vaders dan met hierdie ernstige en besielende woorde: “Hierdie leer van die volharding van die ware gelowiges en heiliges en van die versekerdheid van dié volharding wat God tot eer van sy Naam en tot troos van Godvrugtige siele in sy Woord baie oorvloedig geopenbaar het en in die harte van die gelowiges inprent, word wel deur die vlees nie begryp nie, en deur satan gehaat, deur die wêreld bespot, deur die onervarenes en huigelaars misbruik, en deur die dwaalgeeste bestry, maar die bruid van Christus het dit altyd as ’n skat van onwaardeerbare prys baie teer bemin en standvastiglik verdedig. En dat sy dit ook voortaan kan doen, daar sal God voor sorg, teen wie geen raad enige krag besit of enige geweld iets vermag nie. Aan dié enige God, Vader, Seun en Heilige Gees kom toe eer en heerlikheid in ewigheid. Amen” (aangehaalde werk, hfst. V).

Ons bevindinge kom dan hierop neer: heiligmaking beteken afsondering, nl. van die sonde. Hiervoor kan die mens hom alleen op die genade van God verlaat. Die heiligmaking is dan ook soos al die ander heilsweldade, ’n genadegawe van God, en lê in Christus gereed (objektief) om deur die Heilige Gees in die lewens van die wedergeborenes toegepas te word. Dit neem nie weg dat ons ook tot heiligmaking van ons kant af (subjektief) geroep word en selfs deur die

Woord van God beveel word om dit na te jaag nie. Hier moet ons egter op ons hoede wees teen die dwaling van die sinergisme (medewerking). Ook wat die heiligmaking betref, lewer die mens nie naas God 'n eie bydrae nie. Dit sou beteken dat aan die werk van Christus te kort gedoen word en dat die bekeerde opnuut in wettiese werkheiligheid gaan verval. Alles is genade en ons ganse heil word daardeur gewerk en gedra. Maar juis omdat die albeskikking van God ook die mens se selfwerkzaamheid deur sy Gees in die bekeerde volbring, kan en sal hy die heiligmaking ook aktief nastreef. Hierin is die Wet van die Here vir ons reël van dankbaarheid.

Die heiligmaking dra 'n dubbele karakter. Dit behels: die afsterwing van die ou mens, d.i., die kruisiging van die sondige self, deur die krag van Christus en die gelyktydige oplewing van die nuwe mens, d.i., die terugbuiging van die aweregse werking van die ingeskape lewenskragte. Dit is 'n etiese proses, waarin die mens, aan die een kant, hoe langer hoe meer gereinig word van die toestand van sondesmet, en, aan die ander kant, sedert die wedergeboorte (bewus na die prinsipiële bekering) geestelik groei. Hierdie groeiproses verskil by verskillende mense en selfs in dieselfde mens van tyd tot tyd; dit geskied gestadig of ken tye van dorheid en dan weer van besondere groeikrag, en kan deur 'n stygend-kronkelende lyn voorgestel word. Ook op hierdie weg van die heiligmaking kan die mens alleen deur die geloof vordering maak.

Wat die mate van heiligheid betref wat die mens aan hierdie sy van die graf kan deelagtig word: dit bly volgens Skrif en belydenis altyd gedeeltelik. Volkome heiligheid bereik die uitverkorenes eers met die sterwensoomblik. Ons verwerp derhalwe die dwaalleer van die perfeksionisme, asook die sg. "second blessing". Die volharding van die heiliges daarenteen handhaaf ons as volkome Skriftuurlik.

HOOFSTUK III: SAMEVATTING.

In 'n paar vol sinne vat ons tans saam wat ons uit die Skrif, die belydenis en die gelowige besinning aangaande die heilsorde geleer het. Met groot eerbied dink ons terug aan wat in die Woord van God geopenbaar is omtrent wat *in die ewigheid* plaasgevind het. Ook die geweldige heilsplan is as herskeppingswerk van God in sy ewige *raad* behels. Daarin moet in dié verband onderskei word tussen *die verbond van die verlossing*, waarin elkeen van die drie Persone van die Goddelike Wese sy onderskeie taak op Hom geneem het, en die *predestinasie*, wat die verkiesing sowel as die verwerping insluit, maar ook die middele wat daartoe lei. Voorts staan die *regverdigmaking* van die uitverkorenes *van alle ewigheid af vas*. Daaronder verstaan ons die regtelike daad waardeur God, kragtens die ontwyfelbare soendood van Christus in die tyd, die uitverkorenes van alle vloek, skuld en straf vryspreek. Dit vorm *die grond* van die toepassing van alle heilsweldade deur die Heilige Gees in die tyd.

Hiermee stap ons oor uit die ewigheid *in die tyd*. Daar is die *voorwaarde vir regverdigmaking* deur die Borg en Middelaar, Jesus Christus, met sy lydelike en dadelike gehoorsaamheid *vervul*. En daar word die heilsweldade wat in Christus beslote lê, ten aansien van elke lid van sy liggaam, wanneer hy in die alwyse bestel van God die lewe vergun word, deur die Heilige Gees volgens *vaste, logiese orde toegepas*. In die reël is hulle ook chronologies (d.i. in tydsorde) geskeie, maar dit is bv. nie die geval by vroegsterwende kindertjies nie. Die *eerste* van hierdie weldade wat so geskenk word, is die *wedergeboorte*, daardie herskeppende wonderdaad wat deur die Gees van God op onmiddellike, ondeurgrondelike en onweerstaanbare wyse, afgesien van leeftyd, gewerk word. Die *tweede* is die *inwendige, kragdadige roeping* van die wedergebore mens deur die Woord van God, in medewerking met die Heilige Gees. Dit word gevolg deur die *derde* genadedaad, die prinsipiële *bekering*, wanneer die potensiële lewe, wat met die wedergeboorte in die uitverkorene gelê is, in die bewuste leeftyd tot uiting kom in selfwerksaamheid aan die kant van die mens, wat hom in selfverbryseling in- en uitwendig afkeer van die sonde en hom toekeer tot God. *Vierde* is die *geloof*, wat eintlik gelyktydig met die bekering ontkiem en bestaan in 'n afhanklikheidsstelling van die hele wedergebore persoonlikheid van onse God en Vader in Christus Jesus. As *vyfde* het ons behandel die *regverdigmaking deur die geloof in die Middelaar*; en as *sesde* die *heiligmaking*, wat seer seker genadegawe is, maar waartoe ons ook geroep word, en wat bestaan in 'n afsterwe van die oue mens en 'n oplewing van die nuwe mens; en hierin van die regverdigmaking verskil is dat dit 'n etiese proses is, wat geleidelike reiniging van die smet van die sonde en geestelike groei inhou. Hierin volhard die wedergeborene deur die genade van God tot op die sterwensoomblik, wanneer hy die volkome heiligheid deelagtig word. Dan vang die *verheerliking* aan, waar daar in volkome roepingsbewussyn vir die ewige taak volmaakte harmonie sal heers, nie alleen in elke lid van die liggaam van Christus nie, maar ook tussen die lede onderling, en waar dié liggaam na die jongste dag in volgroeide gestalte die Hoof sal dien, en Hom tot in alle ewigheid sal loof en prys vir sy groot heilswerk, wat dan eers reg sal geken en gewaardeer word.